



WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT

**STRATEGIESE EN PRESTASIEPLAN VIR DIE VYF JAAR
2005/06 TOT 2009/10**

Om meer eksemplare van hierdie dokument te bekom, skakel asseblief met:

Hoof:Onderwys, Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000.
Tel: 021 467 2531
Faks: 021 467 2363
E-pos: media1@pgwc.gov.za

To obtain additional copies of this document , please contact:

Head Education, Private Bag X9114, Cape Town, 8000.
Tel: 021 467 2531
Fax: 021 467 2363
E-mail: media1@pgwc.gov.za

Ukuba ufuna iikopi ezongezelelweyo zolu xwebhu, nceda uqhagamshelane kunye:

NeNtloko: kwezeMfundo, Private Bag X9114, Cape Town, 8000
Umnxeba: 021 467 2531
Ifekisi: 021 467 2363
I-E-Mail: media1@pgwc.gov.za

Voorwoord

My departement het die verantwoordelikheid aanvaar om die leiding te neem in die eerste van die strategieë wat gelei word deur *iKapa eliHlumayo* (wat beteken om die Kaap te laat groei en ontwikkel): Menslike Hulpbronontwikkeling met die klem op die jeug.

Ons fundamentele prioriteit in hierdie verband sal wees om te verseker dat beide die kurrikulums vir Algemene Onderwys en Opleiding (AOO) en Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) in ons skole op 'n doeltreffende en volhoubare wyse gelever word, en om te sorg dat elke instansie doeltreffend bestuur word deur middel van deurlopende ondersteuning vanaf die departement. Ons prioriteit is om die vaardighede, kennis en waardes te voorsien wat nodig is om die provinsiale visie van die Wes-Kaap as 'n Tuiste vir Almal te verwesenlik, en om ons ekonomiese ontwikkelingstrategie *iKapa eliHlumayo* te implementeer. Van kritieke belang vir hierdie proses is om ons VOO-kollegas te herkapitaliseer en opnuut te rig sodat die vaardighede wat deur die provinsiale ekonomie benodig word, op meer doeltreffende wyse gelever kan word. Terwyl die sleutelprioriteit die lewering van die AOO- en VOO-kurrikulums is, is Vroeëkindontwikkeling (VKO) en Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (BOOV) essensieel vir 'n soliede grondslag vir die Menslike Hulpbronontwikkelingstrategie (MHOS). Ons moet nie slegs verseker dat alle Graad R-leerders teen 2010 ingeskryf is nie, maar ons moet ook verseker dat ons vennootskap met die Departemente van Gesondheid, Maatskaplike Dienste, en Plaaslike Regering, asook met ons maatskaplike vennote, tot 'n gekoördineerde strategie sal lei vir die lewering van VKO aan ons 0- tot 4-jariges. Die opleiding van hierdie versorgers/VKO-opvoeders, sowel as kurrikulumondersteuning en -ontwikkeling vir hierdie sektor is derhalwe nuwe prioriteite wat vir befondsing oorweeg sal moet word.

'n Sleutelprioriteit is om syfergeletterdheids- en geletterdheidsvaardighede in die grondslag- en intermediêre fases van die AOO-band te verstewig, terwyl toegesien moet word dat ons die ontstellende uitsakkoers terugdraai: byna 50% van ons leerders wat met Graad 1 begin, sak voor Graad 12 uit die onderwysstelsel uit. Dit is hoofsaaklik die jeugdige van Graad 9 en verder wat die stelsel verlaat. Dit is dus nodig dat ons ons inisiatiewe m.b.t. beroepsvoorligting sal versnel en uitbrei, en ook dat ons sal verseker dat meer van hierdie leerders na ons VOO-kolleges deurgestuurd word. Daar word meer hulpbronne benodig om VOO onder die jeug te bemark en te bevorder, en ook om die aantal lenings wat beskikbaar is, te vermeerder.

'n Sleutelprioriteit is om te sorg vir 'n dramatiese toename in die aantal swart en Kleurlingleerders van benadeelde skole wat Wiskunde en Wetenskap op die hoër graad neem en daarin slaag. Verwant hieraan is die noodsaak om nie slegs die vaardighede van ons Wiskunde- en Wetenskaponderwysers te ontwikkel nie, maar ook om te sorg dat baie meer nuwe onderwysers vir hierdie leerareas gewerf word. Ons e-Onderwys bly steeds 'n prioriteit. Dit moet die lewering van infrastruktuur vir Inligtings- en Kommunikasietegnologie (IKT) insluit, en deurlopend in lyn met die lewering van die kurrikulum gebring word.

Daar bestaan kolossale ongelykhede met betrekking tot fisiese infrastruktuur by ons bestaande skole, terwyl daar ook 'n reusetekort aan klaskamers in sleutelgroeiareas in die provinsie is. Die huidige toewysing vir hierdie doel is onvoldoende. Ten einde die verlangde doel te bereik, moet ons departement se program om onbenutte en onderbenutte skoolgrond vir moontlike onteiening te identifiseer, in werking gestel word.

Om ons strategie gestand te doen, sal ons binne die onderwyssektor ook in die bou van maatskaplike kapitaal moet belê. Programme om die kapasiteit van plaaslike Verteenwoordigende Rade van Leerders (VRL'e) en Skoolbeheerliggame (SBL'e) te ontwikkel, moet uitgevoer word om tot kragtige strukture op die plaaslike sowel as provinsiale vlakke te lei.

CAMERON DUGMORE
PROVINSIALE MINISTER VAN ONDERWYS
31 Maart 2005

Inhoud

Deel A: Strategiese oorsig	3
1. Oorsig van Strategiese Plan	3
2. Visie	4
3. Missie.....	4
4. Waardes.....	4
5. Sektorale standontleding.....	4
5.1 Diensleweringomgewing en -uitdagings	4
5.2 Opsomming van organisatoriese omgewing en uitdagings	6
• WKOD aktiwiteite – bestek en skaal (gebaseer op Jaaroorisig: 2004).....	7
5.2.1 Interne omgewing.....	7
5.2.2 Organisasoriese doeltreffendheid	8
6. Wetgewende en ander mandate	8
7. Breë beleidsrigtings, prioriteite, en strategiese doelwitte	10
8. Inligtingstelsels om vordering te moniteer	12
9. Beskrywing van strategiese beplanningsproses.....	13
Part B: Program- en subprogramplanne	14
10. Program 1: Administrasie	14
11. Program 2: Openbare gewone skoolonderwys	18
12. Program 3: Subsidies vir onafhanklike skole.....	24
13. Program 4: Openbare spesiale skoolonderwys.....	25
14. Program 5: Verdere Onderwys en Opleiding.....	26
15. Program 6: Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes.....	31
16. Program 7: Vroeëkindontwikkeling.....	34
17. Program 8: Hulp- en verwante dienste.....	37
18. Kapitaalbelegging, batebestuur en instandhouding.....	41
19. Koördinerings-, samewerkings-, en uitbestedingsplanne	44
19.1 Interdepartementele skakels	44
19.2 Skakels met plaaslike owerhede	44
19.3 Openbare entiteite.....	44
19.4 Openbare-private vennootskappe	45
Lys van afkortings	46
Skedule 1 - Organogram van die Wes-Kaap Onderwysdepartement	
Skedule 2 - Onderwysbestuurs-en-ontwikkelingsentrums (OBOS'e)	

Deel A: Strategiese Oorsig

1. Oorsig van Strategiese Plan

Die doel van 'n strategiese plan is om 'n kaart te voorsien van hoedat ons beplan om ons doelstellings te verwesenlik. Terwyl ons visie- en missiestellings ons uiteindelijke bestemming beskrywe, moet ons ons koers van tyd tot tyd aanpas soos ons nuwe uitdagings teëkom en meer doeltreffende maniere vind om ons reis te voltooi.

Terwyl die eerste dekade van demokrasie daarom gegaan het om fundamente te bou, sal die tweede aan die fyner besonderhede werk om 'n leertuiste vir almal te bou. Verandering is nooit maklik nie, maar dit sal voortgaan om 'n kenmerk van ons lewens te wees totdat hierdie edele projek voltooi is.

Terwyl ons nommer een-doelstelling is om basiese onderwys van gehalte aan alle leerders in die provinsie te voorsien, wil ons ook die noodsaaklikheid beklemtoon om ekonomiese groei in ons Strategiese en Prestasieplan vir 2005/06 tot 2009/10 te ondersteun.

Hierdie plan maak dit heel duidelik dat ons ons strategiese doelwitte in lyn bring met die provinsiese doelwitte van *iKapa eliHlumayo*. Terwyl ons vertrekpunt die leerder is, is ons ook daartoe verbind om volhoubare ontwikkeling en ekonomiese groei deur goed beplande menslike hulpbronontwikkeling te verseker.

Armoede bly een van ons dwingendste uitdagings, en onderwys bied ons die enkele mees doeltreffende manier om hierdie kwessie die hoof te bied. Ons moet met vennote in alle sferes saamwerk om holistiese oplossings vir maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling te vind.

Uiteindelik sal ons leerders slegs floreer indien die sosiale, ekonomiese en kulturele kontekste waarin hulle leef, hulle in staat stel om dit te doen. Ons het almal 'n verantwoordelikheid teenoor ons leerders om dit moontlik te maak.

Ron B Swartz
Hoof: Onderwys
31 Maart 2005

2. **Visie**

'n Leertuiste vir almal

3. **Missie**

Ons missie is om te verseker dat alle leerders die kennis, vaardighede en waardes verwerf wat hulle nodig het –

- Om hul potensiaal te verwesenlik
- Om tot maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling by te dra
- Om ten volle aan die lewe van die land deel te neem
- Om internasionaal mee te ding, en
- Om gemeenskappe te bou wat in staat is om hul lewens met welslae en waardigheid te behartig.

4. **Waardes**

- Die waardes van die Suid-Afrikaanse Grondwet
- Die *Batho Pele*-beginsels
- Kritiese uitkomst van die Nasionale Kurrikulum
- Versekering van transformasie d.m.v. toegang, gelykheid en regstelling
- Die grondbelangrikheid van die leerder
- 'n Pro-arm benadering tot hulpbrontoewysing
- Toerekenbaarheid en deursigtigheid
- Uitnemendheid in alles wat ons doen
- Verantwoordelikheid teenoor die samelewing oor die algemeen ten einde pogings te steun om sosiale, kulturele en ekonomiese ontwikkeling te ondersteun.

In die Manifesto oor Waardes, Onderwys en Demokrasie (Departement van Onderwys, 2001) word tien waardes gelys wat op die waardes van die Grondwet gebaseer is, naamlik demokrasie, sosiale geregtigheid, gelykheid, nie-rassisme en nie-seksisme, *Ubuntu* (menswaardigheid), 'n oop samelewing, toerekenbaarheid, die oppergesag van die reg, respek, en versoening.

Batho Pele beteken "mense eerste". Die agt *Batho Pele*-beginsels beklemtoon die belangrikheid van oorlegpleging, goeie diensstandaarde, hoflikheid, toegang, inligting, oopheid en deursigtigheid, die hanteer van klagtes, en die gee van die beste waarde.

5. **Sektorale Standontleding**

5.1 **Diensleweringomgewing en -uitdagings**

Die bevolking van die Wes-Kaap het oor die afgelope vyf jaar vinnig gegroei, en dit groei steeds. In 1996 was daar 3 956 000 mense in die Wes-Kaap, en teen 2001 het hierdie syfer met meer as 'n halfmiljoen mense tot 4 524 000 gegroei. Die meeste van diegene wat na die Wes-Kaap kom, is swartmense wat werk soek. Hierdie verskynsel het die ouderdoms-, rasse- en armoedeprofiel van die Wes-Kaap verander.

Een gevolg van hierdie bevolkingstoename is dat daar in elke vorm van onderwys en opleiding in die provinsie gedurende die afgelope vyf jaar 'n toename in getalle was: VKO-standplase, skole, VOO-kolleges, sentrums vir volwassenes, en leerderskappe. Die data vir die skolestelsel vanaf 1995 tot 2004 verskyn in Tabel 1 hieronder. Dit illustreer die groei in leerdergetalle in die Wes-Kaap, en illustreer ook die eerste van die diensleweringssuitdagings waarmee die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) te kampe het. Terwyl party provinsies 'n afname in inskrywings sien, ervaar die WKOD steeds groei. Hierdie groei is ook onvoorspelbaar, aangesien daar aansienlike in-migrasie sowel as inter-migrasie in die provinsie plaasvind. Dit maak die beplanning van dienslewering, veral m.b.t. klaskamers en onderwysers, uiters kompleks.

Tabel 1 : Inskrywing in openbare gewone skole 1995 - 2004

Jaar	Gr 1	Gr 2	Gr 3	Gr 4	Gr 5	Gr 6	Gr 7	Gr 8	Gr 9	Gr 10	Gr 11	Gr 12	Totaal
1995	99158	84963	80921	79199	76789	72293	68795	67473	61079	50698	41124	34659	817151
1996	99998	84845	81137	79996	77673	74142	69474	72116	62696	54440	43574	36764	836855
1997	97854	84892	80608	81191	76894	74368	70967	73261	64892	57070	44586	38940	845523
1998	99380	90168	85625	85188	80881	76716	73928	76949	67644	61926	46115	40980	885500
1999	87436	92925	88613	88014	83074	78495	74661	79043	69674	63479	49247	40206	894867
2000	64844	81865	92343	91949	85766	80658	75813	80026	70634	63840	48934	40996	877668
2001	81790	62960	81832	94302	89254	83305	77778	82190	71966	67034	50206	39910	882527
2002	86969	77026	64134	83022	93188	86786	80865	75601	80450	69752	51618	40468	889879
2003	86916	82454	75931	66033	82383	92341	84514	81154	73200	81739	51746	39644	898055
2004	104105	82130	81489	76781	66060	82574	89614	85053	78964	80756	54199	39451	921176

Bron van Data: Jaarlikse oorsig vir skole (Openbare gewone skole, pre-primêr ingesluit)


Die tweede uitdaging waarmee die WKOD te kampe het, is om die opvoedingsvlakke van die burgers van die Wes-Kaap te verhoog. Alhoewel daar 'n sekere verbetering in die vyfjaarperiode vanaf 1996 tot 2001 was, is daar groot getalle mense wat nie toegang gehad het tot onderwys op die vlak wat nodig is om op waardige wyse aan die burgerlike, politieke en ekonomiese lewe van die provinsie deel te neem nie. So byvoorbeeld toon Tabel 2 hieronder dat minder as 'n kwart van die Wes-Kaap se bevolking 'n Seniorertifikaat het. 'n Gedetailleerde ontleding van die syfers wat in Tabel 2 verskyn, toon dat die geleentheid om te leer swaar ten gunste van witmense gelaai was, en in 'n geringer mate ten gunste van die Kleurlingbevolking. Wat dit betref, was die Wes-Kaap nie 'n Tuiste vir Almal nie.

Tabel 2: Persentasie van bevolking op verskillende skoolvlakke in 1996 en 2001

Skoolvlakke	1996	2001
Geen skoolonderrig	6,3%	5,7%
Enige primêre	15,0%	15,2%
Primêre voltooi	8,4%	7,9%
Enige sekondêre	37,2%	36,5%
Graad 12	18,0%	23,4%
Hoër	10,1%	11,2%

Bron: Statistiek Suid-Afrika Sensus 1996 en 2001

Huidige inskrywingsyfers vir openbare gewone skole skep die indruk dat die kommerwekkende situasie wat hierbo beskrywe is, nie in die afsienbare toekoms beduidend gaan verander nie. Die inskrywingsyfers vir die tydperk 1999 tot 2004 toon dat slegs 50% van leerders wat vir Graad 1 ingeskryf het, tot by Graad 12 gevorder het (sien Figuur 1 hieronder). Die deursoerhouding in skole korreleer ook sterk met ras. Terwyl die skoolinskrywings tot by die leeftyd van 17 bykans vir 100% uit wit leerders bestaan, is inskrywings veel laer onder swart leerders, en onder Kleurling-adolescente is dit selfs laer (Seekings, 2003 en WKOD-OBIS).



Figuur 1
Bron: OBIS

Onlangse studies wat in die Wes-Kaap uitgevoer is, dui daarop dat rasgebaseerde deurvoer- en uitsetsyfers in die skolestelsel na die vroeë jare van hierdie stelsel teruggevoer kan word. Die uitslae van lees- en wiskundetoetse wat op die graad 3- en graad 6-vlakke toegepas is, dui daarop dat die oorgrote meerderheid van leerders uit tuistes met 'n lae inkomste twee tot drie jaar benede die verwagting op die nasionale kurrikulum gepresteer het.

Hierdie situasie kan nie toegelaat word om voort te duur nie. Die regering moet vasbeslote en strategies in die ontwikkeling van sy menslike hulpbronne ingryp. Die Menslike Hulpbronontwikkelingstrategie (MHOS) van die Wes-Kaap beskrywe die manier waarop die Wes-Kaap Provinsiale Regering van plan is om in te gryp. Met ander woorde: Die MHOS stel duidelik wat die regering se visie en prioriteite is, dit bepaal teikens en tydlyne om hierdie prioriteite te verwesenlik, en verklaar hoedat daar met hierdie doel voor oë ingegryp sal word. Die WKOD sal die volgende beleidsprioriteite, wat in Paragraaf 7 beskrywe word, opneem: Beleidsbepalings, Prioriteite, en Strategiese Doelwitte.

5.2 Opsomming van organisatoriese omgewing en uitdagings

Die WKOD bestaan uit 'n provinsiale hoofkantoor, sewe Onderwysbestuurs-en-ontwikkelingsentrums (OBOS'e), ses VOO-Kolleges, 1 459 skole, 112 Gemeenskaps-leersentrums, en verskeie ander onderwysinstitusies. Vier van die OBOS'e is in die metropolitaanse gebied van Kaapstad geleë, en drie is in landelike gebiede. Die organogram van die Departement verskyn in Skedule 1, en die kaart van die onderwysbestuurs-en-ontwikkelingsdistrikte in Skedule 2.

WKOD-aktiwiteite – omvang en skaal

Leerders *	955 225
Openbare gewone skole *	1 459
Distrikte	7
Skole vir leerders met spesiale behoeftes #	70
Inrigtings vir Verdere Onderwys en Opleiding (tegniese kolleges)	6 (39 standplase)
Gemeenskapsleersentrums vir volwassenes	112 (301 standplase)
Gesubsidieerde pre-primêre skole	446
Opvoeders * Poste voorsieningsmodel	30 080
Staatsdienspersoneel (goedgekeurde diensstaat)	8 885

* Bron - 2004 Jaaroorisig (Alle openbare gewone skole, Grade Pre-Gr R tot Na Matriek)

Bron – 2004 Kitspeiling

5.2.1 Interne omgewing

Die provinsiale hoofkantoor is vir beleidskoördinerings- en -bemiddeling en vir strategiese bestuur verantwoordelik, terwyl die OBOS'e hoofsaaklik vir beleidsimplementering verantwoordelik is. Hierdie is nie 'n rigiede skeidslyn nie, aangesien OBOS'e by die ontwerp en ontwikkeling van beleid op verskeie vlakke betrokke is, met inbegrip van die nasionale vlak vir sover dit kurrikulumbeleid aangaan. Dit is dus essensieel dat OBOS'e ook die nodige kapasiteit moet hê om beleid te ontleed, te bemiddel, en te fasiliteer.

Die OBOS'e bied 'n reeks dienste aan, voorsien deur spanne spesialiste, bygestaan deur die WKOD se Hoofkantoor in Kaapstad. Hierdie dienste sluit die volgende in:

- Kurrikulumontwikkeling en -ondersteuning
- Gespesialiseerde leerder- en opvoederondersteuning
- Institusionele bestuur- en beheerondersteuning
- Administratiewe dienste, met inbegrip van institusionele ontwikkeling en ondersteuning vir Artikel 21-skole en nie-Artikel 21-skole, hulp met arbeidsverhoudinge, en interne administrasiedienste.

Die OBOS'e bevorder ook ouerbetrokkenheid by die skole deur skoolbestuur, plaaslike deelname aan die WKOD se Veiligeskoleprojek, en 'n kultuur van onderrig en leer in skole en plaaslike gemeenskappe.

Die ontsaglike omvang van die WKOD behels ook 'n reuseverantwoordelikheid om te verseker dat daar aan werknemers deurlopende en lewenslange ontwikkelingsprogramme gebied word. Dit geld ook vir die staatsdienssektor, waar die eise vir toereikende en doeltreffende dienslewering toeneem met elke jaar wat verbygaan, en vir die onderwyssektor waar die snelle ontwikkeling in die onderwys, kennisbestuur, en opvoedkundige tegnologie vereis dat opvoeders op die hoogte bly van nuwe vorms van kennis en metodologie. In hierdie verband sal die WKOD se program vir die ontwikkeling van werkplekvaardighede, en sy program vir die indiensontwikkeling van opvoeders sleutelrolle speel. Soos die departement se aandrag op ontwikkeling en opleiding oor die volgende tien jaar toeneem, sal sy ontwikkelingsbegroting ook afneem. Dit is dus essensieel dat nuwe finansiële en ander hulpbronne soos die Onderwys en Opleiding-ontwikkelingsplan (OOOP), Sektorale Onderwys- en opleidingsowerheid (SOOO) en die private sektor genader word om die WKOD se langtermyn-ontwikkelingsstrategieë te ondersteun.

5.2.2 Organisasoriese doeltreffendheid

Administratiewe ondersteuningsdienste aan skole is vir die WKOD van die allergrootste belang. Aangesien van skole verwag word dat die meeste van hul energie aan die lewering van die kurrikulum in die klaskamer bestee sal word, sal die WKOD verseker dat die administratiewe ondersteuning wat aan skole gebied word, vinnig, doeltreffend en akkuraat is. Hoe minder tyd skoolbestuurders hoef te bestee aan administratiewe probleme soos die aanstelling van onderwysers, salariskwessies, en ander sake wat met diensvoorwaardes verband hou, hoe meer tyd sal hulle hê om aan die organiseer van hul professionele en leerprogramme te wy. Die implikasie is dat die WKOD se administratiewe ondersteuningstelsels 'n hoë vlak van diens aan skole moet lewer.

Daar is verskeie dinge wat gedoen moet word, en wat wel gedoen word, om uitvoering aan hierdie doelstelling te gee. Dit sluit die volgende in:

- Die tempo waarteen skole Artikel 21-inrigtings word, sal versnel word. Dit beteken dat 'n reeks ontwikkelingsprogramme vir skoolbeheerliggame (SBL'e) en skoolbestuurders van stapel gestuur sal word om te verseker dat daar die nodige bestuurskapasiteit is vir skole om beheer van sekere sleutelfunksies oor te neem.
- Deur belangrike bestuursfunksies na skole af te wentel, word baie van die verantwoordelikheid vir voorsienings- en logistiese dienste na skole verskuif, en dit stel Hoofkantoor en OBOS'e in staat om op die bemiddeling, ondersteuning en monitering van beleid te fokus.
- Hoofkantoor sal die kliëntedienskantoor verbeter ten einde te verseker dat prinsipale en opvoeders diens van hoë gehalte sal ontvang, en dat vir sover as moontlik navrae onmiddellik aandag sal kry.
- Die WKOD se Oproepsentrum het in 2004 operasioneel geword. Hierdie Oproepsentrum voorsien die onderwysgemeenskap, en die publiek in die algemeen met 'n wye reeks dienste en inligting wat met die bestuur van onderwys in die provinsie verband hou. Hierdie vorm van toegang tot die departement word verder deur die WKOD se webwerf (WKOD Aanlyn) uitgebou, waar die publiek inligting kan bekom wat wissel van onlangse nuus tot eksamens, verwickelings, en kurrikulumkwessies.

6. Wetgewende en ander mandate

6.1 Grondwetlike en ander wetgewende mandate

Die strategiese doelstellings berus op die volgende grondwetlike en ander wetgewende mandate:

Mandate	Bondige beskrywing
Die Grondwet van Suid-Afrika, 1996 (Wet nr. 108 van 1996)	Vereis dat onderwys getransformeer en gedemokratiseer sal word in terme van die waardes van menswaardigheid, gelykheid, menseregte en vryheid, nie-rassisme, en nie-seksisme. Dit waarborg toegang tot basiese onderwys met die voorskrif dat almal die reg het op basiese onderwys, met inbegrip van basiese onderwys vir volwassenes. Die fundamentele beleidsraamwerk van die Ministerie van Onderwys word gestel in die Ministerie se eerste Witskrif: <i>Onderwys en Opleiding in 'n Demokratiese Suid-Afrika: Eerste Stappe om 'n Nuwe Stelsel te Ontwikkel</i> (Februarie 1995). Na wye beraadslaging, onderhandeling en hersiening, is dit deur die Kabinet goedgekeur, en dit het gedien as 'n fundamentele verwysingspunt vir daaropvolgende beleid- en wetgewende ontwikkeling.

Mandate	Bondige beskrywing
Die Grondwet van die Wes-Kaap Provinsie, 1998 (Wet nr. 1 van 1998)	Onderworpe aan die nasionale Grondwet, is dit die hoogste wet in die Wes-Kaap.
Die Suid-Afrikaanse Skolewet, (SASW), 1996 (Wet nr. 84 van 1996) soos gewysig	Om voorsiening te maak vir 'n uniforme stelsel vir die organisasie, beheer, en befondsing van skole. Dit bevorder toegang, gehalte, en demokratiese bestuur in die skolestelsel. Dit verseker dat alle leerders die reg van toegang het tot onderwys van gehalte sonder diskriminasie, en maak skoolopleiding verpligtend vir kinders vanaf 7 tot 14 jaar. Dit maak voorsiening vir twee soorte skole – onafhanklike skole en openbare skole. Die voorsiening wat in die Wet gemaak word vir demokratiese skolebeheer deur skoolbeheerliggame word nou landwyd in openbare skole toegepas. Die befondsingsnorme, wat in die SASW uitgestippel word, prioriteer regstelling en teikenarmoede by die toesegging van fondse aan die openbare skolestelsel.
Die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet nr. 27 van 1996)	Om voorsiening te maak vir die bepaling van 'n nasionale onderwysbeleid, met inbegrip van die bepaling van beleidsrigtings oor die salarisse en diensvoorwaardes van opvoeders. Dit is ontwerp om in die wet die beleidsbepalings sowel as die wetgewende en moniteringsverantwoordelikhede van die Minister van Onderwys vas te lê, en om die verhoudings tussen die nasionale en provinsiale owerhede te formaliseer. Dit het die fondament gelê vir die daarstel van die Raad van Onderwysministers (ROM), sowel as die Hoofde van Onderwysdepartemente-komitee (HODKOM), as tussenregeringsforums om saam te werk aan die ontwikkeling van 'n nuwe onderwysstelsel. As sodanig maak dit voorsiening vir die formulering van nasionale beleid in algemene en verdere onderwys en opleiding vir, onder andere, kurrikulum, assessering, taalbeleid, sowel as gehaltesekerheid. Die Wet beliggaam die beginsel van samewerkende beheer, waarop daar in Skedule Drie van die Grondwet uitgebrei word.
Die Wet op Verdere Onderwys en Opleiding, 1998 (Wet nr. 98 van 1998)	Om verdere onderwys en opleiding te reguleer; om voorsiening te maak vir die daarstel, beheer en befondsing van openbare verdere onderwys en opleidingsinrigtings; om voorsiening te maak vir die registrasie van private verdere onderwys en opleidingsinrigtings; om voorsiening te maak vir gehaltesekerheid en gehaltebevordering in verdere onderwys en opleiding. Tesame met die Onderwyswitskrif 4 oor Verdere Onderwys en Opleiding (1998), en die Nasionale Strategie vir Verdere Onderwys en Opleiding (1999-2001) verskaf dit die basis vir die ontwikkeling van 'n nasionaal gekoördineerde stelsel vir verdere onderwys en opleiding, wat die senior sekondêre komponent uitmaak van skole en tegniese kolleges. Dit vereis inrigtings vir verdere onderwys en opleiding wat ingevolge die nuwe wetgewing gevestig is, om institusionele planne te ontwikkel, terwyl daar voorsiening gemaak word program-gebaseerde befondsing en 'n nasionale kurrikulum vir leer en onderrig.
Wet op Gehaltesekerheid van Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding, 2001 (Wet nr. 58 van 2001)	Om voorsiening te maak vir die daarstel, samestelling, en funksionering van die Raad vir Gehaltesekerheid van Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding, ten einde na die beheer oor norms en standaarde van die kurrikulum en assessering om te sien, voorsiening te maak vir die uitreiking van sertifikate by die uitgangpunte, om vir die uitvoer van assessering te sorg, en om die Wet op die Suid-Afrikaanse Sertifiseringsraad, 1986, te herroep.
Die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet nr. 76 van 1998)	Om voorsiening te maak vir die indiensneming van opvoeders deur die Staat, en vir die regulering van die diensvoorwaardes, dissipline, diensverlating, en ontslag van opvoeders. Dit reguleer die professionele, morele en etiese verantwoordelikhede van opvoeders, sowel as bevoegdheidsvereistes van onderwysers. Een Wet en een beroepsraad, die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders (SARO) beheer nou die histories verdeelde onderwyserskorps.

Mandate	Bondige beskrywing
Die Wes-Kaapse Provinsiale Skoolonder-wyswet, 1997 (Wet nr. 12 van 1997)	Om voorsiening te maak vir 'n eenvormige onderwysstelsel vir die organiseer, beheer, en befondsing van alle skole, en om in die spesifieke onderwysbehoefes van die provinsie te voorsien.
Die Wet op die Bestuur van Openbare Finansies, 1999 (Wet nr. 1 van 1999) soos gewysig..	Om finansiële bestuur in die nasionale regering en provinsiale regerings te reguleer, om te verseker dat alle inkomste, uitgawes, bates en laste van daardie regerings doeltreffend bestuur word, en om voorsiening te maak vir die verantwoordelikhede van persone aan wie die finansiële bestuur van daardie regerings toevertrou is.
Die Wet op die Jaarlikse Verdeling van Inkomste	Om voorsiening te maak vir die billike verdeling onder die nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsvlakke van inkomste wat vir die boekjaar nasionaal geïen is; om voorsiening te maak vir verslagdoening oor toewysings wat ingevolge sodanige verdeling geskied het; om voorsiening te maak vir die terughouding of vertraging van uitbetalings; en om voorsiening te maak vir die aanspreeklikheid t.o.v. koste wat aangegaan word in litigasie a.g.v. skending van die beginsels van ko-operatiewe beheer en tussenregeringsverhoudings.
Die Staatsdienswet, 1994 soos gewysig [Proklamasie nr. 103 van 1994].	Om voorsiening te maak vir die organisasie en administrasie van die staatsdiens van die Republiek, sowel as die regulering van die diensvoorwaardes, ampstermyne, dissipline, diensbeëindiging en ontslag van lede van die staatsdiens.
Die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid, 1995 (Wet nr. 58 van 1995)	Om voorsiening te maak vir die ontwikkeling en implementering van 'n Nasionale Kwalifikasieraamwerk, en om met hierdie doel die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid daar te stel. Die NKR is sowel die essensiële uitdrukking as die waarborg van 'n nasionale leerstelsel waar onderwys en opleiding van net soveel belang is as om fasette van die mens se vermoëns te komplementeer. Die gesamentlike van stapel stuur van die Mensebronneontwikkelingstrategie deur die Minister van Arbeid en die Minister van Onderwys op 23 April 2001 herbevestig die voorneme om 'n geïntegreerde onderwys, opleiding en ontwikkelingstrategie daar te stel wat die potensiaal van ons jong en volwasse leerders sal benut.
Die Wet op Volwassene Basiese Onderwys en Opleiding, 2000 (Wet nr. 52 van 2000)	Om basiese onderwys en opleiding vir volwassenes te reguleer; om voorsiening te maak vir die daarstel, beheer, en befondsing van openbare leersentrums vir volwassenes; en om voorsiening te maak vir gehaltesekerheid en gehaltebevordering in basiese onderwys en opleiding vir volwassenes.

6.2 Ander mandate

- 6.2.1 Provinsiale iKapa eLilHlumayo -strategie
- 6.2.2 Menslike Hulpbronontwikkelingstrategie
- 6.2.3 Hersiene Nasionale Kurrikulumverklarings
- 6.2.4 Witskrif 5 oor VKO
- 6.2.5 Witskrif 6 oor Inklusiewe Onderwys

7. Breë beleidsrigtings, prioriteite, en strategiese doelwitte

Die strategiese doelwitte van die WKOD is om:

1. 'n Geïntegreerde benadering tot die fisiese, sosiale, en kognitiewe ontwikkeling van alle 0- tot 4-jariges wat in die provinsie woon, te ondersteun.
2. Graad R-onderdig van hoë gehalte aan alle 5-jariges te voorsien, sodat hulle gereed sal wees om op skool te leer.

3. Te verseker dat alle leerders vanaf Graad 1 tot Graad 6 op vlakke wat deur die nasionale kurrikulum bepaal word, kan lees, skryf, en reken.
4. Te verseker dat alle leerders in Grade 7 tot 9 van 'n algemene opvoeding van hoë gehalte voorsien word.
5. Inligting oor vakkeuse en beroepsvoorligting aan alle leerders in Graad 9 te verskaf, sodat hulle toepaslike keuses in die Verdere Onderwys en Opleiding-band sal maak.
6. Die deelname- en suksesverhouding te verhoog van leerders, veral swart leerders, wat in skole sowel as kolleges by die Verdere Onderwys en Opleiding-band betrokke is.
7. Die aantal VOO leerders te verhoog wat kwalifiseer om aan hoër onderwys deel te neem.
8. Toegang tot hoër onderwys in die provinsie te verhoog, veral vir leerders uit arm gesinne.
9. Leerlingskappe, vakleerlingskappe, internskappe, en vaardigheidsprogramme te voorsien wat by werkgeleenthede ingeskakel is.
10. Die aantal volwasse leerders in basiese onderwysprogramme te verhoog deur middel van ekonomiese en sosiale programme soos die Uitgebreide Openbare Werke -program.

In praktiese terme beteken dit dat die WKOD, saam met sy maatskaplike vennote, 'n dramatiese toename behoort te verseker in die aantal jongmense wat aan VOO- en Hoër-onderwysprogramme deelneem en daarin slaag – programme wat tot groei en ontwikkeling binne die provinsie bydra. Op hierdie manier sal die WKOD die huidige uitsaksyfer in die skolestelsel aanpak, en veel hoër byhouersyfers in verdere en hoër onderwys verseker. Maar welslae in verdere en hoër onderwys hang daarvan af dat jong kinders aan 'n gesonde, aktiewe, en stimulerende omgewing en 'n goeie algemene opvoeding blootgestel word. Ten einde te verseker dat hierdie doelwitte bereik word, sal die WKOD poog om:

- te verseker dat elke kind in 'n veilige, behoorlik verligte, geventileerde, en gerieflike klaskamer geakkommodeer word;
- opvoeders toerus en ondersteun in hul pogings om doeltreffende onderrig te voorsien;
- doeltreffende bestuur en beheer in alle leerstandplase en ondersteuningstrukture te verseker;
- 'n Primêre Skool Voedingsprogram (PSVP) te lewer; en
- skaars hulpmiddele so doeltreffend en so billik as moontlik aan te wend.

Daar is vyf sleutelbeleidsbepalings wat oor die bogenoemde tien prioriteite heen sny:

1. Relevante kennis, vaardighede en waardes

Alle onderwys- en opleidingsprogramme en -kursusse sal kennis, vaardighede en waardes op 'n hoë vlak bevorder. Die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) vir sowel die AOO- as die VOO-kurrikulum (Algemeen) vir skole is uitdruklike waardegebaseerde kurrikulums. Hierdie benadering sal in alle onderwys- en opleidingsprogramme bevorder word.

Terselfdertyd moet onderwys- en opleidingsprogramme vir die leerders relevante wees. Dit beteken dat rekening gehou moet word met die konteks en omgewing waarin onderrig en leer plaasvind, en dat die mees toepaslike metodes gekies word om die kurrikulums te lewer. Algemene onderwys vir kinders wat die skoolpligtige ouderdom bereik, behoort taal, veiligheid, stedelike en landelike lewensomstandighede, en die sosio-ekonomiese omgewing in ag te neem. Verdere en hoër onderwys en opleiding, en basiese onderwys vir volwassenes moet rekening hou met die leerders se aanleg en belangstellings. In hierdie sektore is

werkervaring dikwels die sleutel tot die leerervaring. Hier speel leerlingskappe, vakleerlingskappe, en die ontwikkeling van werkplekvaardighede 'n belangrike rol in Menslike Hulpbronontwikkeling.

2. Geletterdheid en syfergeletterdheid

Die ontwikkeling van hoë vlakke van taalgebruik en syfergeletterdheid is die sleutel tot alle leer. Daarom is taal en syfergeletterdheid/wiskunde deel van al die formele leerprogramme in die Wes-Kaap.

- Grade R tot 3: drie leerprogramme word aangebied. Geletterdheid en syfergeletterdheid beslaan meer as 75% van die tyd wat by die skool deurgebring word.
- Grade 4 tot 9: agt leerprogramme word aangebied. Aan tale en wiskunde word weereens die meeste tyd op die skoolrooster toegewys.
- Grade 10 tot 12: Twee tale en wiskunde of wiskundige geletterdheid is verpligtend vir alle leerders wat 'n Verdere Onderwys en Opleidingsertifikaat wil verwerf.
- Formele kursusse by VOO-kolleges, en kursusse in basiese onderwys vir volwassenes: almal het tale en wiskunde as fundamentele programme.

3. Toegang tot inligting

Die WKOD beplan vir:

- Die invoer van Inligtings- en Kommunikasietegnologie (IKT) in alle skole en ander leerstandplase in die strategiese tydperk 2005 tot 2010. Dit beteken dat elke opvoeder en leerder in die Wes-Kaap toegang tot IKT-infrastruktuur sal hê, en ondersteuning in die onderrig- en leerproses sal ontvang.
- Hulpbronsentrums en biblioteke sal by elke skool ontwikkel word ten einde 'n wye reeks ondersteuningsmateriaal vir leerders en onderwysers beskikbaar te maak, sowel as die bestuur daarvan.
- Toegang tot inligting oor, en onderrig in MIV/VIGS-lewensvaardighede.

4. Vak- en loopbaanvoorigting

Vak- en loopbaanvoorigting sal aan alle Graad 8-leerders in die skolestelsel voorsien word sodat hulle ondersteun word by die keuse van toepaslike VOO-kursusse. Loopbaanvoorigting sal voortgesit word, en sal in alle hoërskole, VOO-kolleges, en Gemeenskapsleersentrums (GLS'e) in die provinsie geïnstusionaliseer word.

5. Gehaltesekerheid en Toerekenbaarheid

Die aanvraag na groter doeltreffendheid in die onderwysstelsel vereis dat 'n kragtige toerekenbaarheidstelsel en -proses in die WKOD ingevoer word. Sistemiese Evaluering, Skoolselfevaluering (SSE) en Heelskoolevaluering (HSE), sowel as Opspoor-, Rapporteer- en Toerekenbaarheidsmaatreëls is almal instrumente wat gebruik moet word om die doelstelling van verhoogde toerekenbaarheid reg deur die stelsel te verwesenlik.

8. Inligtingstelsels om vordering te monitor

Die WKOD benut die Onderwysbestuurs-en-inligtingstelsel (OBIS) om bestuur in te lig en te lei m.b.t. strategiese beplanning, besluitneming en beleidsontwikkeling. Die meeste van die leerder- en institusionele inligting word d.m.v. gestruktureerde peilingsvorme ingesamel. Verskeie verifiërings- en valideringsprosesse verseker betroubare data van gehalte. Die databasisse is ook op 'n hoogs uniforme wyse gestruktureer,

sodat die verskillende sektore binne die WKOD (bv. Openbare Gewone Onderwys, BOOV, LSO, VKO) almal data het wat konsekwent gestruktureer is. Die inligting is ook deurslaggewend vir die toewysing van hulpbronne binne die WKOD, bv. Norms en Standaarde, en Posvoorsiening. Die data wat deur die WKOD ingesamel word, is ook vrylik aan al die bestuurders binne die stelsel beskikbaar, en maklik bekombaar weens die verspreiding daarvan via die intranet.

Die WKOD is besig met die proses om die implementering van 'n stelsel te konseptualiseer waardeur daar met leerders tred gehou kan word. Deur hierdie stelsel sal dit moontlik wees om alle leerders in openbare gewone skole in die skolestelsel te monitor en op te spoor. Voordele hiervan vir die WKOD is dat akkurate inligting oor leerdergetalle beskikbaar sal wees, en dat akkurate toewysings van hulpbronne aan inrigtings dus gemaak kan word. 'n Verdere voordeel is dat die WKOD in staat sal wees om kritieke navorsingsprojekte te inisieer ten einde 'n beter begrip te verkry van die faktore, op leerdervlak, wat 'n uitwerking het op kwessies soos leerderprestasie, uitsakkery, leerders wat te oud is, ens.

Die WKOD het 'n bygewerkte Stelselsmeesterplan (SMP) waar al die vereistes van die IT-stelsels geïdentifiseer en vir opgradering, verbetering en verdere ontwikkeling geprioritiseer word. Dit word dan by die beskikbare hulpbronne binne die jaarlikse begrotingsraamwerk vir IT-kapasiteit en MUTR ingepas.

Die WKOD verbeter deurlopend sy IT-stelsels vir optimale gebruik. Dit word verder aangehelp deur die deurlopende opleiding van gebruikers. Stelselsbeheer word ook toegepas waardeur elke stelsel 'n stelseleienaar en -administrateur vir die doeltreffende bestuur van elke stelsel het, ten einde te verseker dat dit aan besigheidsvereistes gelykstaan en waarde daaraan toevoeg.

9. Beskrywing van strategiese beplanningsproses

Die departementele beplanningsproses wat tot die formulering van die nuwe bestedingsvoorstelle vir die 2005-MTUR gelei het, het rekening gehou met die beleidsprioriteite van die Uitvoerende Gesag, die *iKapa eliHlumayo*-doelwitte en doelstellings, sowel as die Konsep Menslike Hulpbronontwikkelingstrategie (MHOS) van die Wes-Kaap.

Vir die 2005/06-boekjaar is die strategiese beplanningsproses daarop gemik om die bestaande strategiese plan te verfyn in lyn met die konsepweergawe van die MHOS vir die Wes-Kaap, die hulpbronbasis, en nuwe inligting oor die behoeftes van die provinsie. Die formaat wat gebruik was, is die generiese formaat wat deur die Nasionale Tesourie en die Nasionale Departement van Onderwys vir alle provinsiale onderwysdepartemente voorgeskryf is.

DEEL B

Program- en subprogramplanne

10. Program 1: Administrasie

10.1 Programdoelstelling

Om die onderwysstelsel van oorkoepelende bestuur en ondersteuning te voorsien.

Die administrasieprogram bestaan uit die volgende subprogramme:

Kantoor van die Provinsiale Minister

- o om vir die funksionering van die kantoor van die Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) te sorg

Korporatiewe dienste

- o om bestuursdienste te voorsien wat nie onderwysspesifiek is nie

Onderwysbestuur

- o om onderwysbestuursdienste te voorsien

Menslike Hulpbronontwikkeling

- o om menslike hulpbronontwikkeling vir hoofkantoorpersoneel te voorsien

10.2 Standontleding

Gehaltesekerheid en Toerekenbaarheid

Die aanvraag na groter doeltreffendheid in die onderwysstelsel vereis dat 'n kragtige toerekenbaarheidstelsel en -proses in die WKOD ingevoer word. Sistemiese Evaluering, Skoolselfevaluering (SSE) en Heelskoolevaluering (HSE), sowel as Opspoor-, Rapporteer- en Toerekenbaarheidsmaatreëls is almal instrumente wat gebruik moet word om die doelstelling van verhoogde toerekenbaarheid reg deur die stelsel te verwesenlik.

- **Sistemiese Evaluering**

Sistemiese evaluering op die Graad 3- en 6-vlakke word al om die ander jaar deur die Departement van Onderwys reg deur Suid-Afrika uitgevoer. Die doel met hierdie evaluering is om te bepaal in watter mate die onderwysstelsel daarin geslaag het om maatskaplike, ekonomiese, en transformasiedoelwitte te bereik d.m.v. die meting van leerderprestasie binne die konteks waarin hulle leer- en onderrigprogramme ervaar. Die uitslae van hierdie prestasiebepalings word as insette vir intervensie gebruik. Die Graad 3 Sistemiese Evalueringsverslag (2002) dui op redes vir kommer aangaande die syfergeletterdheids- en geletterdheidsvaardighede van leerders, hindernisse t.o.v. volle toegang vir benadeelde leerders tot die onderwysdienste, en swak verwesenliking van gelykstellingsdoelwitte. Dan is daar ook groot kommer oor die algehele gehalte van die onderwys m.b.t. bepaalde aanwysers soos die gehalte van onderrig, oorvol klaskamers, ondoeltreffende gebruik van kontaktyd in die klaskamer, en onveilige toestande by skole. Die Sistemiese Evaluering vir Graad 6 is in 2004 uitgevoer, en die uitslae word in 2005 verwag.

- **Skoolselfevaluering (SSE) en Heelskooevaluering (HSE)**
Met 'n eerlike waardering van hul eie stelsels en praktyke as 'n beginpunt, sal van skole verwag word om gefokusde en realistiese Skoolontwikkelingsplanne te ontwikkel wat die sleutelstrategieë sal uitstippel waarmee hulle beoog om die geïdentifiseerde swak areas te verbeter. Die HSE-proses sal dan periodiek die prestasies van skole m.b.t. hul ontwikkelingstrategieë monitor.
- **Geïntegreerde Gehaltebeheerstelsel (GGBS)**
Die Gesamentlike Ooreenkoms 8 van 2003, wat in Augustus 2003 onderteken is, stippel die aard en implementeringsreëls vir die GGBS uit. Die GGBS dien as skakel tussen die Heelskooevaluering, die identifisering van ontwikkelingsbehoefte van individue, en die prestasiebepaling van individuele opvoeders. Luidens die gesamentlike ooreenkoms moet elke opvoeder eens in die stelsel opgelei word.
- **Werknemerswelsynprogram (WWP)**
'n Diensverskaffer, Careways, lewer die WWP-diens in die WKOD. Die diens is hoofsaaklik 'n telefoniese beradingsdiens, met die moontlikheid van aangesig-tot-aangesig berading wanneer nodig. Die WWP is in die eerste plek bedoel om voorkomend te wees, wat beteken dat die personeel en toesighouers aangespoor word om van die oproepsentrum gebruik te maak wanneer probleme ontstaan.

Die diensverskaffer voorsien die WKOD van 'n maandelikse verslag oor die aantal oproepe sowel as die vernaamste kategorieë van kwessies wat die personeel pla. Daar word gehoop dat die beskikbaarheid van so 'n professionele diens op sigself wegblyery sal verminder, aangesien personeel gehelp sal word om oplossings vir hul probleme te vind en te implementeer.

- As 'n loodsprojek sal die Direkoraat: Menslike Hulpbronontwikkeling met die volgende kategorieë werk ten einde te bepaal wat die impak sal wees indien die WWP-diens gebruik word:
- 10 personeellede met die swakste willekeurige wegblyrekord
- 10 personeellede wat bepaalde wegblytendense vertoon (bv. Maandae, Vrydae).

Die prinsipale van hierdie skole sal in 'n spesiale opleidingsprogram geplaas word om hulle toe te rus om met hierdie personeellede te werk, en om hulle na die WWP-diens te verwys.

- **Rapporterings- en Toerekenbaarheidsmaatreëls**

Die WKOD is aan 'n wye reeks toerekenbaarheidsprosesse onderworpe. Dit sluit die volgende in:

- Die oudit van finansiële bestuursprosesse op 'n jaarlikse grondslag d.m.v. die kantoor van die Ouditeur-Generaal;
- Gereelde bywoning van sessies van die Portefeuljekomitee vir Onderwys en die Staande Komitee vir Openbare Rekeninge in die Provinsiale Parlement.;
- Gereelde vergaderings (of road shows) met verskillende onderwys-belanghebbendes deur die Minister en die Superintendent-Generaal, om inligting aangaande die jongste verwickelinge m.b.t. die onderwys te deel, of om eenvoudig kennis te neem van probleme waarmee opvoeders en skoolbestuurders te kampe het.; en
- Die WKOD is reeds onder 'n verpligting om 'n jaarverslag oor sy aktiwiteite aan die Wetgewer voor te lê. Die jaarverslagdokument is tot die beskikking van die breë publiek, en dit stel die onderwysgemeenskap in staat om die prestasies of mislukkinge van die departement in die lig van sy wetlike en beleidsmandate en sy strategiese planne te monitor.

Kommunikasie

'n Belangrike instrument vir bestuur en toerekenbaarheid in groot organisasies soos die WKOD is snelle en doeltreffende kommunikasie. Om dit te bereik, sal die WKOD sy Kliëntediens d.m.v. 'n doeltreffende en gebruikersvriendelike oproepsentrum, webwerwe, en omsendbriewe uitbrei en verbeter.

Die WKOD se IKT-Strategie, Die Khanya-projek, die Dassie-projek, die Telekommunikasie-projek, en die WKOD-webwerf, wat die Kurrikulum-, Edulis- en Edumedia-subwerwe insluit, word deur die volgende instansies beïnvloed en van inligting voorsien:

- die nasionale Witskrif oor e-Onderwys;
- die Provinsiale Kenniseconomie en e-Beheerstrategie ; en
- die Stad Kaapstad se IKT-strategie.

Van groter belang is egter dat die WKOD sy interne kapasiteit sal ontwikkel, veral onder onderwysers, sodat hulle vir die gebruik van digitale kurrikulinhoud voorbereid sal wees.

10.3 Beleidsbepalings, prioriteite en strategiese doelstellings

Strategiese doelstellings vir Program 1: Administrasie

Strategiese Doelwit	Strategiese Doelstelling
Om toerekenbaarheid op alle vlakke te bevorder, in lyn met die wetlike mandaat.	<ul style="list-style-type: none"> • Om beheersamewerking te bevorder. • Om beleid en praktyk in lyn te bring met die regering se strategiese doelstellings en die wetlike mandaat. • Om doeltreffende stelsels vir evaluering en gehalteverskering te bevorder. • Om 'n bewustheid van die regte en verantwoordelikhede van alle rolspelers in die onderwys, met inbegrip van leerders, ouers, opvoeders, skoolbestuur, Skoolbeheerliggame en WKOD-beamptes op alle vlakke in die hand te werk. • Om 'n kultuur van onderrig en leer in skole en kolleges, en 'n verbintenis tot lewenslange Menslike Hulpbronontwikkeling te kweek, • Om 'n aktiewe rol te speel t.o.v. die breër behoeftes van die land, veral wanneer dit kom by dringende en doelgerigte optrede in verband met die kwessie van MIV/VIGS en Lewensvaardighede. • Om doeltreffende bestuur op alle vlakke van die stelsel te bewerkstellig.
Om organisatoriese doeltreffendheid en doelmatigheid te bevorder.	<ul style="list-style-type: none"> • Om 'n kreatiewe en veerkragtige bestuurskader te ontwikkel. • Om kragtige beleidstelsels en -kapasiteit binne die WKOD te bou. • Om doeltreffende kommunikasiestelsels te ontwerp vir toegang deur die onderwysgemeenskap (intern en ekstern). • Om distrikskapasiteit, -dienste en -ondersteuning te bou. • Om <i>Batho Pele</i>-beginsels te implementeer. • Om doeltreffend op kliëntebehoefte te reageer. • Om doeltreffende finansiële bestuursstelsels in plek te plaas. • Om deur die hele stelsel heen 'n optimale verspreiding van finansiële, fisiese, en menslike hulpbronne te bewerkstellig. • Om te verseker dat die deurvoer van leerders deur die stelsel optimaal is.

Strategiese Doelwit	Strategiese Doelstelling
Om 'n gehaltesekerheids-funksie in die WKOD te vestig.	<ul style="list-style-type: none"> • Om teikens m.b.t. Menslike Hulpbronontwikkeling daar te stel, en om oor vordering t.o.v. teikens te rapporteer. • Om sistemiese toerekenbaarheid te verseker deur die instelling van Sistemiese Evaluering, Skoolselfevaluering (SSE), Skoolontwikkelingsplanne (SOP's), en Heelskoolevaluering (HSE). • Om bestuurskapasiteit in kantore en skole te bou. • Om norme en standaarde vir die lewering van alle dienste daar te stel.

10.4 Ontleding van beperkinge, en maatreëls wat beplan word om hulle te bowe te kom:

Die integrasie van die verskillende maatreëls wat vir gehaltesekerheid en toerekenbaarheid ingevoer is, is vir die WKOD 'n ernstige uitdaging. Dit is belangrik om te verseker dat hierdie maatreëls tot verbeterde onderrig en leer aanleiding sal gee, en dat hulle nie as 'n doel op sigself beskou sal word nie.

10.5 Beskrywing van maatreëls wat vir gehalteverbetering beplan word

Deurlopende intervensies m.b.t. die opleiding van lede van Skoolbestuurspanne (SBS'e) sluit kurrikulumbestuur, dissipline, vroue in leierskapsposisies, beleidbestuur, die jongste wetswysigings, en ondertekende resolusies in.

10.6 Hulpbroninligting

Niks in hierdie stadium nie.

11. Program 2: Openbare gewone skoolonderwys

11.1 Programdoelstellings

Om, ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, openbare gewone onderwys vanaf Graad 1 tot 12 te voorsien.

Die openbare gewone skoolonderwysprogram behels die volgende subprogramme:

Openbare primêre skole

- om onderwys vir die fase vanaf Graad 1 tot 7 by openbare gewone primêre skole te voorsien

Openbare sekondêre skole

- om onderwys vir die Graad 8- tot 12-vlak by openbare gewone sekondêre skole te voorsien

Professionele dienste

- om openbare gewone skole te ondersteun

Menslike Hulpbronontwikkeling

- om in die professionele ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders in openbare gewone skole te voorsien

11.2 Standontleding

Algemene Onderwys en Opleiding (AOO) (Grade 1-9)

Data van die 2001-sensus en die WKOD se OBIS dui daarop dat daar baie hoë inskrywingsvlakke in die ouderdomsgroep 6 tot 15 (Grade 1 tot 9) is. Daarby is die mate waartoe ouderdom en graad by mekaar inpas, in die Wes-Kaap hoog. Studies wat in die afgelope vyf jaar in die Wes-Kaap gedoen is, dui egter daarop dat leerderprestasie laer is as wat in Graad 1 tot 9 verwag word. Dit geld vir vergelykings met ander lande (wat ook ander ontwikkelende lande insluit) asook wat betref die verwagtings van die Suid-Afrikaanse kurrikulum. Byvoorbeeld: in 2002 het die WKOD die uitslae vir lees en syfergeletterdheid van die Graad 3-leerders in alle skole geassesseer. In hierdie studie is bevind dat slegs 36% van leerders die lees- en syfergeletterdheidsuitkomst bereik wat in Graad 3 verwag word. Die oorgrote meerderheid van leerders presteer tussen twee en drie jaar benede dit wat verwag word.

Om hierdie probleem die hoof te bied, sal diagnostiese toetse al om die ander jaar aan die einde van die Grondslagfase en die Intermediêre fase, d.w.s. Graad 3 en 6 afgeneem word, met as beginpunt Graad 3 in 2002. Die diagnostiese toetse sal nie slegs gebruik word om areas vir intervensie te identifiseer nie, maar sal ook gebruik word om vooruitgang in die stelsel oor tyd te meet. Hierdie toetse sal gebruik word om:

- intervensies en strategieë te ontwikkel
- teikens vir skole, distrikte, en die provinsie te stel.

Die uitslae van die diagnostiese toetse wat in 2002 en 2003 toegepas is, toon dat daar 'n hoë korrelasie tussen toetsuitslae en armoede is. Om hierdie rede sal die provinsie 'n holistiese benadering beplan om steun te verleen aan die ontwikkeling van arm leerders. Hierdie holistiese benadering sluit die PSVP in. Die administrasie van die PSVP, wat deel van die voorwaardelike toekenning vir die nasionale skoolvoedingsprogram vorm, is gedurende 2004 van die Departement van Gesondheid verskuif. Hierdie oordrag na die departement sal beplanning en koördinerings verbeter, en verder tot meer doeltreffende voeding in skole bydra.

Graad 9 is die einde van die AOO-band. Na hierdie graad kies leerders VOO-programme. Ten einde relevante en toepaslike programkeuses vir VOO te bevorder, sal alle Graad 8 leerders elke jaar geassesseer word.

Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) Graad 10 -12

VOO is 'n spesialiseringfase. Dit is die eerste fase van die onderwysstelsel waarin leerders keuses moet maak oor die vakke of programme wat hulle wil neem.

Die huidige VOO-kurrikulum is gebaseer op Verslag 550 vir Graad 10 tot 12; Verslag 191 (Formele Onderrigprogramme vir Tegniese Kolleges in die RSA), en Verslag 190 (Norme en standaarde vir onderrigprogramme en die eksaminering en sertifisering daarvan in onderwys in tegniese kolleges). In die periode 2004 tot 2008 sal hierdie kurrikulum- en programaanbiedings deur 'n raamwerk vervang word wat aan 16- tot 20-jariges soepeler en meer deelnemende onderwys- en opleidingsprogramme bied. Die raamwerk vir VOO bied drie bane na die Verdere Onderwys en Opleidingsertifikaat (VOOS) of die Vlak 4-sertifikaat van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR), naamlik:

- Algemeen akademies
- Algemeen beroeps
- Beroeps – ambag, operasioneel, professioneel

Dit beteken dat Verslag 550- en Verslag 191-programme gaandeweg uitgefaseer, en relevante kwalifikasies en programme ingefaseer sal word. In skole sal die nuwe Nasionale Kurrikulum vanaf 2006 tot 2008 in Graad 10 tot 12 ingevoer word. Die aantal vakke wat in die kurrikulum van VOO-skole aangebied word, is drasties verlaag, maar die vakke is meer gefokus en relevant. Die provinsie sal 'n proses van kurrikulumherstel daadwerklik moet deurvoer ten einde te verseker dat die volle reeks van vakke in alle distrikte aangebied word. Dit sal noukeurige beplanning en sterk hersteloptrede verg.

Die kurrikulumherstelaksie moet deur 'n stelselmatige herstelprogram ondersteun word, waardeur toerusting (in die besonder rekenars) en gespesialiseerde onderwysers aan benadeelde areas gelewer word. Die WKOD het reeds met hierdie herstelproses op die gebied van wiskunde en wetenskap begin, en ander 'fokusskole' sal in die VOO-band ontwikkel word.

Skoolveiligheid

Soos ook die geval elders in die wêreld is, word skoolveiligheid toenemend 'n bron van kommer vir die regering. Die Wes-Kaap word in hierdie verband besonder erg geteister, aangesien dit met die ernstige probleem van bendes en bendegeweld te kampe het, sowel as met die gepaardgaande ellende van alkohol en dwelmmisbruik. Saam met 'n reeks vennote, maar in die besonder die Departement van Gemeenskapsveiligheid, word hierdie kwessies daadwerklik die hoof gebied.

Die Veiligeskoleprogram het 'n drieledige strategie wat die volgende behels:

- 'n Veiligeskole-oproepsentrum waar verskillende probleme gerapporteer kan word, en waar geaffekteerde en getraumatiseerde individue ook berading kan aanvra en ontvang.
- Verskaffing van fisiese veiligheid: Hierdie program fokus op die aanbring van verskeie beveiligingsmaatreëls, wat sekuriteitsomheining en alarmstelsels by skole met 'n hoë risikofaktor insluit. Die program sluit ook oorlewingstrategieë in.
- Opvoedkundige programme wat op waardes en houdings toegespits is, met die doel om die belangstelling van leerders na meer positiewe strewes soos sport, die kunste, en drama te herlei, en hulle op hul toekomstige loopbane te laat konsentreer.

11.3 Beleidsbepalings, prioriteite en strategiese doelstellings

Strategiese doelstellings vir Subprogram 2.1: Openbare primêre fase

Strategiese Doelwit	Strategiese Doelstelling
Om toegang tot gehalte-onderwys te verseker vir alle kinders wat in die provinsie woon.	<ul style="list-style-type: none"> • Om leerderakkommodasie in die openbare primêre fase te voorsien, in lyn met beleid. • Om die basiese infrastruktuur vir primêre skole ooreenkomstig beleid te voorsien • Om toegang tot onderwys vir leerders uit voorheen gemarginaliseerde groepe te verbeter. • Om relevante en gestruktureerde opleiding oor die Nasionale Kurrikulum aan onderwysers te voorsien. • Om leerderprestasie in syfergeletterdheid en geletterdheid te verbeter • Om doeltreffendheid in die onderwysstelsel te verbeter en om die deurvloeiakoers van leerlinge en die gehalte van onderwys in die geheel oor tyd te verbeter. • Om doeltreffende en inklusiewe onderwys vir Leerders met Spesiale Onderwysbehoefes te bevorder. • Om vervoer- en koshuisgeriewe vir behoeftige leerders te voorsien • Om 'n Primêre Skool Voedingsprogram (PSVP) te voorsien • Om skoordisipline terug te bring.
Om doeltreffende e-leer in skole te verseker.	<ul style="list-style-type: none"> • Om die voorsiening van IKT-infrastruktuur aan alle skole te versnel. • Om kurrikulumlewering deur die gebruik van IKT te verseker. • Om digitale inhoudontwikkeling en bestuur te verseker. • Om te verseker dat opvoeders in die gebruik van IKT opgelei is om hul onderrigprogramme te ondersteun.
Om veilige institusionele omgewings vir doeltreffende onderrig en leer te verseker	<ul style="list-style-type: none"> • Om 'n veilige skoolomgewing in vennootskap met gemeenskappe en ander staatsdepartemente te bevorder. • Om toestande van die fisiese verslegting van leerstandplase te beëindig. • Om 'n begrip van maatskaplike toestande in die provinsie, en hoedat hulle skole beïnvloed, te bevorder.

Strategiese doelstellings vir Subprogram 2.2: Openbare sekondêre fase

Strategiese Doelwit	Strategiese Doelstelling
Om toegang tot gehalte-onderwys te verseker vir alle kinders wat in die provinsie woon.	<ul style="list-style-type: none"> • Om leerderakkommodasie in die openbare sekondêre fase te voorsien in lyn met beleid. • Om die basiese infrastruktuur vir sekondêre skoolonderrig in plek te stel, ooreenkomstig beleid.
	<ul style="list-style-type: none"> • Om die aantal VOO-leerders wat in toepaslike programme by skole ingeskryf is, en veral leerders uit voorheen gemarginaliseerde groepe, te vermeerder. • Om die aantal leerders wat hul opvoeding in die VOO-band met welslae voltooi, te vermeerder. • Om die aantal leerders te vermeerder wat 'n skoolverlater-sertifikaat verwerf wat toegang tot hoër onderwys besorg. • Om deelname en die slaagsyfer in wiskunde en wetenskap te verhoog. • Om doeltreffende en inklusiewe onderwys vir Leerders met Spesiale Onderwysbehoefes te bevorder.

Strategiese Doelwit	Strategiese Doelstelling
Om doeltreffende e-leer in openbare sekondêre skole te verseker	<ul style="list-style-type: none"> Om die voorsiening van IKT-infrastruktuur vir alle skole te versnel. Om kurrikulumlewering deur die gebruik van IKT te verseker. Om digitale inhoudsontwikkeling en bestuur te verseker. Om te verseker dat opvoeders in die gebruik van IKT opgelei word ter ondersteuning van hul onderrigprogramme.
Om veilige institusionele omgewings vir doeltreffende onderrig en leer te verseker	<ul style="list-style-type: none"> Om 'n veilige skoolomgewing in vennootskap met gemeenskappe en ander staatsdepartemente te bevorder. Om toestande van die fisiese verslegting van leerstandplase te beëindig. Om begrip van maatskaplike toestande in die provinsie, en hoedat dit skole affekteer, te bevorder.

Strategiese doelstellings vir Subprogram 2.3: Professionele dienste

Strategiese Doelwit	Strategiese Doelstelling
Om doeltreffende bestuur en beheer in al die leerstandplase en ondersteuningstrukture te verseker	<ul style="list-style-type: none"> Om ondersteuning en ontwikkeling van bestuur en beheer deur die werk van die OBOS'e en ander professionele dienste nader aan skole te bring. Om kennis en vaardighede van skoolprinsipale deur geteikende opleiding en ondersteuning te verbeter. Om bestuur van die kurrikulum en assesseringsprosesse te verbeter. Om finansiële bestuur en gehalteverbetering op alle vlakke in lyn met provinsiale beleid en die wetgewende raamwerk te verbeter. Om professionele ondersteuning aan alle openbare gewone skole te voorsien.

Strategiese doelstellings vir Subprogram 2.4: Menslike Hulpbronontwikkeling

Strategiese Doelwit	Strategiese Doelstelling
Om opvoeders toe te rus en te ondersteun in hul pogings om doeltreffende onderwys te voorsien	<ul style="list-style-type: none"> Om opvoeders in die openbare primêre en sekondêre fases ooreenkomstig beleid te voorsien. Om te verseker dat die provinsie 'n voldoende aantal toepaslik opgeleide opvoeders in diens neem. Om pogings te ondersteun om onderwysstudente vir pre-diens opleidingsinstansies te werf. Om die professionele gehalte van die onderwyserskorps d.m.v. deurlopende professionele ondersteuning te ontwikkel. Om die potensiaal van media en tegnologie (e-onderwys en IKT) te ontwikkel ten einde onderrig en leer te verbeter en om kurrikulumondersteuning te voorsien. Om opvoeders toe te rus ten einde doeltreffende kurrikulum-ontwikkeling, -lewering en -ondersteuning te verseker. Om gefokusde opvoederontwikkelingsprogramme deur die Kaapse Onderwysinstituut (KOI) van stapel te stuur. Om gespesialiseerde onderwysondersteuning aan onderwysers te voorsien.

Strategiese doelstellings vir Subprogram 2.5: Primêre Skool Voedingsprogram

Strategiese Doelwit	Strategiese Doelstelling
Om geïdentifiseerde arm en honger leerders in primêre skole van die minimum voedsel te voorsien wat hulle nodig sal hê om doeltreffend in die skool te leer.	<ul style="list-style-type: none"> Om 149 000 geïdentifiseerde arm en honger leerders in 866 primêre skole met die minimum voedsel te voorsien wat hulle nodig sal hê om doeltreffend op skool te leer.

11.4 Ontleding van beperkings, en maatreëls om hulle te bowe te kom

Die groei in die aantal sekondêre skool-leerders in die Wes-Kaap, en die gebruik as sekondêre skole van vakante primêre skool-geboue wat geen laboratoriums het nie, het die persentasie sekondêre skole sonder laboratoriums laat toeneem. Die peletonering van skole sal ook die aantal sekondêre skole sonder laboratoriums laat toeneem.

11.5 Beskrywing van beplande gehalteverbeteringsmaatreëls

In 'n poging om verskeie aspekte van gehalteonderwys in skole aan te spreek, het die WKOD 'n aantal intervensies en projekte ingevoer. Die projekte en intervensies wat in skole toegepas word, sluit die volgende in:

- Om positiewe leerdergedrag aan te moedig: Die fokus hier is om ontwikkelingswerkswinkels vir onderwysers te inisieer ten einde hulle te help om leerdergedrag en portuurgroepdruk te verstaan, en op 'n nuwe manier met gedragskwessies om te gaan.
- Die identifisering van disfunksionele skole: Multifunksionele spanne identifiseer die probleme wat by hierdie skole ervaar word; bedink 'n strategie om die probleme onder die leierskap van 'n projekteier die hoof te bied; waar nodig word die ondersteuning van buiteorganisasies ingeroep; departementele opleidingsprogramme word aan die skool gebied; voortdurende mislukking kan tot mentorskap/kuratorskap by hierdie skole lei; indien die skool steeds faal, mag die hersamestelling daarvan geïmplementeer word.
- Multigraad intervensie: Om skole wat aan meer as een graad per klas onderrig gee, in hul onderrigmetodes te ondersteun. Klem word gelê op die benutting van IKT om doeltreffende multigraadonderrig te ondersteun.
- Veldtog vir Vroeë Inskrywing: Dit spoor skole aan om vroeg in die jaar met die inskrywingsproses van leerders te begin wat aan die einde van die jaar gefinaliseer moet wees; voltooiing van roosters en nominasies vir die aanstelling van onderwysers sodat skole op die eerste dag van die nuwe skooljaar met onderrig kan begin; identifisering van "probleemkolle" m.b.t. akkommodasie sodat gebeurlikheidsplanne in gereedheid gebring kan word.
- Leerders wat te oud is: Die aantal leerders in die stelsel wat te oud vir hul klasse is, word gaandeweg verminder, aangesien geen leerders wat te oud is, in die stelsel toegelaat word nie. Dié wat reeds in die stelsel is, word aangespoor om by BOOV-sentrums te registreer. (Let wel: hierdie is leerders wat 20 jaar en ouer is.)
- Inklusiewe onderwys: Onderwyswitskrif 6 dui aan hoedat die huidige spesiale onderwysstelsel tot 'n inklusiewe onderwys en opleidingstelsel getransformeer behoort te word. Dit spel onder meer uit hoedat hoofstroomskole in vollediënsskole ontwikkel behoort te word wat in staat sal wees om leerders te akkommodeer wat matige ondersteuning benodig; hoedat spesiale skole in hulpbronsentrums vir hoofstroomskole ontwikkel behoort te word; die ontwikkeling van distriksondersteuningspanne; en die ontwikkeling van institusionele ondersteuningspanne.
- Gefokusde geletterdheid- en syfergeletterdheidstrategieë vir die Grondslagfase en Intermediêre fase wat die volgende insluit:
 - om 100 boeke aan elke klas in die Grondslagfase (Grade 1 - 3) en Intermediêre fase (Grade 4 - 6) in die provinsie te voorsien;
 - om wiskundehandboeke aan alle Graad 3- tot 6-leerders te voorsien;
 - om voorbeelde van 36-week werkskedules te voorsien;
 - om leervordering op 'n weeklikse basis te laat moniteer deur beamptes wat aan elke skool toegewys is wat Graad 1 tot 6 aanbied; en

- om leerdertoevang tot, en leerderverwerwing van die bedoelde kurrikulum te moniteer, d.m.v. lees- en wiskundetoetsing van Graad 3 en 6.

Die OBOS'e en hul onderskeie strukture besoek alle onderwysinstansies en staan hulle by met die bou van kapasiteit in terme van verskillende scenario's en aksies wat nodig is, bv. die aanstel van nuwe beheerliggame, finansiële sake, kurrikulum, ens.

11.6 Hulpbroninligting

Die statistiese inligting aangaande die aantal leerders en opvoeders word uit die WKOD se Jaarorsig en 10de dag-statistiek verkry.

Daar was 'n toename in migrasie na die Wes-Kaap, maar bykomstige klaskamers wat gedurende 2002/03 en 2003/04 voltooi is, het gehelp om die leerder:klaskamer-verhouding wat verwag was, binne perke te hou.

Die besteding van beskikbare fondse vir nuwe konstruksieprojekte het nie verloop soos die bedoeling was nie. Tweehonderd bykomstige instandhoudingsprojekte is egter voltooi. Dit het 'n groot impak gehad op die persentasie van die infrastruktuurbegroting wat op instandhouding bestee is.

Grade 1 tot 12 in openbare gewone skole word van opvoederpersoneel voorsien ooreenkomstig die Posvoorsieningsmodel, nie-opvoeder-personeelbefondsing sowel as nie-personeelbefondsing word ooreenkomstig die Norme en Standaarde-befondsing vir skole bepaal, albei op armoederangordening gebaseer.

12. Program 3: Subsidies vir onafhanklike skole

12.1 Programdoelstelling

Om onafhanklike skole ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 te ondersteun.

Die subsidies vir die program vir onafhanklike skole behels die volgende subprogramme:

Primêre fase -

- o om onafhanklike skole in Graad 1 tot 7 te ondersteun

Sekondêre fase -

- o om onafhanklike skole in Graad 8 tot 12 te ondersteun

12.2 Standontleding

Daar is tans 180 onafhanklike skole in die Wes-Kaap. Hierdie skole akkommodeer 'n verskeidenheid leerders uit verskillende sosio-ekonomiese agtergronde, en is belangrike en gewaardeerde vennote in die lewering van onderwys in die provinsie.

Die WKOD voorsien subsidies aan 75 onafhanklike skole, wat leergeleenthede aan benadeelde leerders in die provinsie verskaf.

12.3 Beleidsbepalings, prioriteite en strategiese doelstellings

Strategiese doelstellings vir Program 3: Subsidies vir onafhanklike skole

Strategiese Doelwit	Strategiese Doelstelling
Om toegang tot gehalte-onderwys te verseker vir alle kinders wat in die provinsie woon.	Om onafhanklike skole wat die armer gemeenskappe bedien, op 'n glykskaal as 'n toevoeging tot openbare skole te ondersteun.

12.4 Ontleding van beperkings, en maatreëls om hulle te bowe te kom

'n Paar van die onafhanklike skole het baie swak rekords in die sistemiese toetsing op die Graad 3- en 6-vlak, en in Graad 12. Daar is ook gereeld klagtes van skoliere en ouers. Die WKOD is van plan om beslis teen hierdie skole op te tree, en om te sorg dat hulle hul registrasie verloor indien hulle in gebreke bly om onderwys van gehalte te voorsien.

12.5 Beskrywing van beplande gehalteverbeteringsmaatreëls

Die deurvoer en uitsette van onafhanklike skole wat 'n subsidie ontvang, word noukeurig gemoniteer, en subsidies word dienoreenkomstig aangepas.

12.6 Verkryging van inligting

Afhangende van die Norme en Standaarde-befondsing van Onafhanklike Skole, is alle onafhanklike skole wat by die WKOD geregistreer is, daarop geregtig om subsidies gelyk aan 60% van die koste per leerder in die openbare skole te ontvang. Alle onafhanklike skole wat om 'n subsidie aansoek doen en wat in terme van die Norme en Standaarde-beleid vir befondsing in aanmerking kom, ontvang 'n subsidie.

13. Program 4: Openbare spesiale skoolonderwys

13.1 Programdoelstelling

Om openbare onderwys in spesiale skole te voorsien, ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, en Witskrif 6 oor inklusiewe onderwys.

Die Openbare Spesiale Skoolonderwysprogram bestaan uit die volgende subprogramme:

Skole

- om onderwys by openbare spesiale skole te voorsien;

Professionele dienste

- om openbare spesiale skole te ondersteun;

Menslike Hulpbronontwikkeling

- om in die professionele ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders in openbare spesiale skole te voorsien.

13.2 Standontleding

Onderwyswitskrif 6 toon aan hoedat die huidige spesiale onderwysstelsel na 'n inklusiewe onderwys- en opleidingstelsel getransformeer behoort te word. Dit spel onder meer uit hoedat hoofstroomskole in vollediensskole ontwikkel behoort te word wat in staat sal wees om leerders te akkommodeer wat matige ondersteuning benodig; hoe spesiale skole in hulpbronsentrums vir hoofstroomskole ontwikkel behoort te word; die ontwikkeling van distriksondersteuningspanne; en die ontwikkeling van institusionele ondersteuningspanne.

13.3 Beleidsbepalings, prioriteite en strategiese doelstellings

Strategiese doelstellings vir Subprogram 4.1: Skole

Strategiese Doelwit	Strategiese Doelstelling
Om toegang tot gehalte-onderwys te verseker vir alle kinders wat in die provinsie woon.	<ul style="list-style-type: none">• Om plek in openbare spesiale skole te voorsien ooreenkomstig beleid en die beginsels van inklusiewe onderwys.• Om toegang tot openbare spesiale skoolonderwys vir leerders uit voorheen gemarginaliseerde groepe te verbeter.• Om psigologiese, sosiale, mediese, terapeutiese en leerondersteuning aan leerders te voorsien.• Om doeltreffende en inklusiewe onderwys vir Leerders met Spesiale Onderwysbehoefte te bevorder.• Om te verseker dat die deurvloei van leerders deur openbare spesiale skole optimaal is.• Om die hoogste moontlike opvoedkundige uitkomst onder leerders in openbare spesiale skole te verseker.

Strategiese doelstellings vir Subprogram 4.2: Professionele dienste

Strategiese Doelwit	Strategiese Doelstelling
Om doeltreffende bestuur en beheer in al die leerstandplase en ondersteuningstrukture te verseker.	<ul style="list-style-type: none">• Om ondersteuning en ontwikkeling van bestuur en beheer nader aan skole te bring deur die werk van die OBOS'e en ander professionele dienste.

Stratetiese Doelwit	Stratetiese Doelstelling
	<ul style="list-style-type: none"> • Om 'n optimale en billike verspreiding van finansiële, fisiese en menslike hulpbronne oor die stelsel heen te bereik. • Om die kennis en vaardighede van skoolprinsipale deur geteikende opleiding en ondersteuning te verbeter. • Om kennis en vaardighede van Skoolbeheerliggame deur geteikende opleiding en ondersteuning te verbeter. • Om bestuur van die kurrikulum en assesseringsprosesse te verbeter. • Om finansiële bestuur en gehalteverbetering op alle vlakke in lyn met provinsiale beleid en die wetgewende raamwerk te verbeter. • Om professionele ondersteuning aan alle openbare spesiale skole te voorsien.

Stratetiese doelstellings vir Subprogram 4.3: Menslike Hulpbronontwikkeling

Stratetiese Doelwit	Stratetiese Doelstelling
Om opvoeders toe te rus en te ondersteun in hul pogings om doeltreffende onderwys te voorsien	<ul style="list-style-type: none"> • Om opvoeders by die openbare spesiale skole ooreenkomstig beleid te voorsien. • Om te verseker dat die provinsie 'n voldoende aantal toepaslik opgeleide opvoeders in diens neem. • Om pogings te ondersteun om onderwysstudente vir pre-diens opleidingsinstansies te werf. • Om die professionele gehalte van die onderwyserskorps d.m.v. deurlopende professionele ondersteuning te ontwikkel. • Om die potensiaal van media en tegnologie (e-onderwys en IKT) te ontwikkel ten einde onderrig en leer te verbeter, en om kurrikulumondersteuning te voorsien. • Om opvoeders toe te rus om doeltreffende ontwikkeling, lewering en ondersteuning t.o.v. die kurrikulum te verseker. • Om gefokusde opvoederontwikkelingsprogramme deur die Kaapse Onderwysinstituut (KOI) van stapel te stuur. • Om gespesialiseerde onderwysondersteuning aan onderwysers te voorsien.

13.4 Ontleding van beperkings, en maatreëls om hulle te bowe te kom

Daar is 'n beduidende toename in die aantal verwysings van leerders met leerbelemmernisse vir plasing in spesiale skole. Die grootste behoefte is vir plasing van leerders in jeugsentrums en vaardigheidskole. Aandag word aan die rasionalisering dienste gegee met die oog daarop om die behoeftes van die WKOD te akkommodeer.

13.5 Beskrywing van beplande gehalteverbeteringsmaatreëls

Die OBOS'e en hul onderskeie strukture besoek die spesiale skole en help hulle met die bou van kapasiteit in terme van verskillende scenario's en aksies wat uitgevoer moet word, bv. die aanstel van 'n nuwe bestuursliggaam, finansiële sake, implementering van die GGBS, ens. Deurlopende intervensies aangaande die opleiding van SBS-lede sluit kurrikulumbestuur, positiewe gedragsverbetring, vroue in leierskapsposisies, beleidsbestuur, die jongste wetswysigings en ondertekende resolusies in.

Die omskep van spesiale skole in hulpbronsentrums, in lyn met Onderwyswitskrif 6, dra by tot 'n toename in die ondersteuning wat aan Leerders met Spesiale Onderwysbehoefte in hoofstroomskole gebied word. Indiensopleiding word vir ondersteuningspersoneel by OBOS'e, GV-opvoeders by Jeugsentrums (Basiese Opleiding in Veiligheidsorg), terapeute, en maatskaplike werkers voorsien.

13.6 Hulpbroninligting

Die slaagsyfer vir leerders by spesiale skole is uitstekend. Daar is vyf skole met 'n slaagsyfer van 100%. Die slaagsyfer is hoër as dié vir hoofstroomskole.

Leerders van die Vaardigheidskole neig om makliker werk te kry as dié van ander spesiale skole en selfs hoofstroomskole. Faktore soos die huidige ekonomiese klimaat en die geslotenheid van die arbeidsmark speel egter 'n belangrike inhiberende rol.

Alle openbare spesiale skole word befonds deur 'n per capita toekenning te bepaal wat leerdergetalle, en die gewigtoekenning in terme van die ongeskiktheidskategorieë in aanmerking neem. Hierdie toekenning sluit ook befonding vir LOSM, ondersteuningsapparaat, en die aanpassing van fisiese geriewe in. om die beweeglikheid van leerders te akkommodeer, sowel as die voorsiening van gespesialiseerde vervoer. Verder word befonding vir klasassistente en busbestuurders ook aan skole toegeken ooreenkomstig 'n per capita-subsidie in terme van beleid.

14. Program 5: Verdere Onderwys en Opleiding

14.1 Programdoelstelling

Om VOO by openbare VOO-kolleges te voorsien ingevolge die Wet op Verdere Onderwys en Opleiding, 1998.

Die VOO program behels die volgende subprogramme:

Openbare instansies -

- o om spesifieke openbare VOO-kolleges van hulpbronne te voorsien

Professionele dienste -

- o om openbare VOO-kolleges te ondersteun -

Menslike Hulpbronontwikkeling -

- o om in die professionele ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders in
- o openbare VOO-kolleges te voorsien

14.2 Standontleding

Dertien VOO-kolleges het saamgesmelt om ses megainrigtings te vorm. HUB's is aangestel om die ses inrigtings te bestuur. Deurlopende steun word vir die herstruktureringproses vereis. Dit sal veral nodig wees om prosedures, programme en infrastruktuurstelsels vir die groter getalle leerders te ontwikkel.

Die VOO-kurrikulum word tans herontwerp en ontwikkel. Die invoer van die nuwe kurrikulum vereis aansienlike herontwerp van die organisasie en bestuur van VOO-inrigtings. Die inisiatiewe van die WKOD in hierdie program is almal ontwerp om die ontwikkeling en implementering van die kurrikulum/program, sowel institusionele herstrukturering te ondersteun. Dit sluit die volgende in:

- Onderwyserontwikkeling: Ten einde relevante programme van gehaltes te voorsien, sal intervensies om opvoeders te ontwikkel wiskundige geletterdheid en wiskundevaardighede opgradeer, teorie en praktyk integreer, werkplekervaring voorsien, en akademiese en professionele kwalifikasies opgradeer. Die DANIDA-geborgde projek vir Steun vir Onderwys- en Vaardighedsontwikkeling (SOVO) sal die lewering van praktiese en arbeidsmarkgeoriënteerde onderrig en vaardighedsopleiding ondersteun. Kolleges sal die kapasiteit verwerf om geakkrediteerde en gesertifiseerde opleidingsprogramme te ontwikkel
- Fisiese hulpbronne: Beroepsonderwys en -opleiding is van nature hulpbronintensief. Gespesialiseerde werksinkels wat bedryfsakkreditering geniet, word vir doeltreffende MHO vereis. Indien die grootte van VOO-kolleges oor die volgende sewe of agt jaar vyfvoudig sou toeneem, sal 'n geweldige belegging in geboue, toerusting en personeel vereis word.
- Leerderondersteuning: Dit behels werwing en voorspraak, die erkenning van vorige leer, programplasing, finansiële en akademiese ondersteuning, en dat individue in betrekkings geplaas en daar met hulle tred gehou word.
- 'n Verskeidenheid leweringmetodes soos e-leer, afstandsonderrig, leerlingskappe, en vaardighedsprogramme sal gebruik word om hierdie programme te lewer. Die DASSIE-projek is die sleutel tot die uitbreiding van hierdie leweringmeganismes.

14.3 Beleidsbepalings, prioriteite, en strategiese doelstellings

- Om toegang tot VOO-kolleges te bevorder
- Artikulering tussen AOO en Hoër onderwys
- Om 'n kurrikulumstrategie en ondersteuningstrukture vir VOO-kolleges te ontwikkel en ondersteun
- Om nuwe leerprogramme te ontwikkel wat gevoelig is vir die behoeftes van die ekonomie en die gemeenskap.

Strategiese doelstellings vir Subprogram 5.1: Openbare instansies

Strategiese Doelwit	Strategiese Doelstelling
Om toegang tot gehalteonderwys in VOO-kolleges aan almal in die provinsie te voorsien	<ul style="list-style-type: none"> • Om leerderakkommodasie in VOO-kolleges te voorsien ooreenkomstig beleid. • Om kennis van, en toegang tot VOO-kollegeonderrig vir leerders uit voorheen gemarginaliseerde groepe te verbeter. • Om die aantal VOO leerders wat in toepaslike programme by kolleges ingeskryf is te vermeerder, veral leerders uit voorheen gemarginaliseerde groepe. • Om die ontwikkeling van programme wat gevoelig is vir die sosiale en ekonomiese behoeftes van die provinsie te bevorder. • Om lenings te voorsien aan leerders uit arm agtergronde wat by VOO-kolleges wil studeer. • Om leerderondersteuningseenhede by elke kollege te skep om met werwing, ondersteuning en plasing behulpsaam te wees.

Strategiese doelstellings vir Subprogram 5.2: Professionele dienste

Strategiese Doelwit	Strategiese Doelstelling
Om doeltreffende bestuur en beheer in al die leerstandplase en ondersteuningstrukture te voorsien.	<ul style="list-style-type: none"> • Om 'n optimale en billike verspreiding van finansiële, fisiese en menslike hulpbronne oor die stelsel heen te bereik. • Om kennis en vaardighede van hoof uitvoerende beamptes (HUB's) van VOO-kolleges deur geteikende opleiding en ondersteuning te verbeter. • Om kennis en vaardighede van die rade van VOO-kolleges deur geteikende opleiding en ondersteuning te verbeter. • Om die bestuur van kurrikulum- en assesseringsprosesse te verbeter. • Om finansiële bestuur en gehalte op alle vlakke te verbeter in lyn met provinsiale beleid en die wetgewende raamwerk. • Om professionele ondersteuning aan alle openbare VOO-kolleges te voorsien.

Strategiese doelstellings vir Subprogram 5.3: Menslike Hulpbronontwikkeling

Strategiese Doelwit	Strategiese Doelstelling
Om opvoeders toe te rus en te ondersteun in hul pogings om doeltreffende onderwys te voorsien	<ul style="list-style-type: none"> • Om opvoeders by VOO-kolleges te voorsien ooreenkomstig beleid. • Om die professionele gehalte van die onderwyserskorps d.m.v. deurlopende professionele ondersteuning te ontwikkel. • Om die potensiaal van media en tegnologie (e-onderwys en IKT) te ontwikkel ten einde onderrig en leer te verbeter en om kurrikulumondersteuning te voorsien. • Om opvoeders toe te rus om... doeltreffende kurrikulumont-wikkeling, -lewering en -ondersteuning te verseker.

14.4 Ontleding van beperkings, en maatreëls om hulle te bowe te kom

Die groeitempo van Voltydse Ekwivalente (VTE's) in VOO-kolleges word slegs deur hulpbronne, bv. personeel, toerusting, finansies, ens. beperk. Soos bykomstige inskrywings in die 2004/05-boekjaar aangeteken word, is daar aanduidings dat teikens verwesenlik sal word. VOO-kolleges bied kursusse aan wat in terme van tydsduur vanaf 'n paar uur tot jare varieer. Leerderinskrywings vind dus deurlopend plaas. Geouditeerde VTE's vir die voorafgaande jaar is slegs vanaf April van die volgende jaar beskikbaar, aangesien hulle aan komplekse berekenings en ouditering deur eksterne ouditeurs onderworpe is, tesame met die finansiële state van die betrokke kollege.

14.5 Beskrywing van beplande gehalteverbeteringsmaatreëls

Geteikende programme sal opvoeders by kolleges in staat stel om:

- Wiskundige geletterdheid en wiskundevaardighede op te gradeer
- Hul akademiese en professionele kwalifikasies op te gradeer
- Leer te assesser ten einde aan Umalusi- en SOOO-standaarde te voldoen
- Teen kwessies op te tree wat leer belemmer.

Kolleges sal leerderondersteuningseenhede daarstel om die groot verskeidenheid leerders met verskillende leeragtergronde te akkommodeer, en om ondersteuning aan hulle te bied. Daar sal met leerders tred gehou word ten einde hulle in die kurrikulum en in die werkplek te ondersteun. Kolleges sal ook strategieë ontwikkel om toegang tot VOO-kolleges te verbreed, byvoorbeeld:

- 'n Verskeidenheid leweringmetodes soos e-leer, afstandsonderrig, leerlingskappe, vaardigheidsprogramme, ens.
- Geriewe en opleiding wat aan die vereistes van leerders met verskillende bekwaamhede beantwoord
- Nuwe standplase vir die benadeelde en landelike gemeenskappe
- Beursskemas en Erkenning van Vorige Leer (EVL).

Die geloofwaardigheid en waarde van kwalifikasies wat by VOO-kolleges verwerf is, sal van die gehalte van die programaanbod afhang. Kolleges sal gehaltebestuurskemas ontwikkel en toepas ten einde die gehalte van akademiese programme en nie-akademiese programme te meet, en te verbeter.

14.6 Hulpbroninligting

Deelname deur volwassenes – indien aanvaar word dat volwassenes 21 jaar oud en ouer is – sal toeneem soos daar meer leerlingskappe ingestel word.

VOO-kolleges word volgens die Posvoorsieningsmodel van opvoederpersoneel, nie-opvoederpersoneel, sowel as subsidies vir belasting, die verkryging en ontwikkeling van fisiese infrastruktuur, en ad hoc (geteikende) subsidies voorsien.

15. Program 6: Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes

15.1 Programdoelstelling

Om BOOV ingevolge die Wet op Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes, 2000, te voorsien.

Die BOOV-program behels die volgende subprogramme:

Subsidies aan private sentrums

- om spesifieke private BOOV-standplase d.m.v. subsidies te ondersteun

Professionele dienste

- om BOOV-standplase te ondersteun

Menslike Hulpbronontwikkeling

- om in die professionele ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders by BOOV-standplase te voorsien

15.2 Standontleding

In 2003 was daar 10 000 leerders vir kursusse op die AOO-vlak ingeskryf. Sesduisend leerders was vir kursusse op die BOOV-Vlak 1 en 2, en 4 000 vir kursusse op die BOOV-Vlak 3 en 4 ingeskryf. Meer as 1,5 miljoen mense wat in die Wes-Kaap woon, het egter minder as 'n AOOS of verwante kwalifikasie. Kennelik kan die WKOD nie hoop om in die onderwysbehoefes van so 'n menigte te voorsien nie, en sal die hulp van vennote benodig word.

Die WKOD is by 'n aantal vennootskappe met staatsdepartemente en korporasies betrokke. Deur hierdie vennootskappe word werknemers van provinsiale departemente die geleentheid gebied om 'n AOOS te verwerf. Konsepriglyne vir die implementering van vennootskappe is in 2004 ontwikkel. Hierdie riglyne sluit onder meer fases in die implementering van 'n vennootskap, rolle en verantwoordelikhede van die betrokkenes, koste, en kostedrywers in.

Verder word vennootskappe deur Verstandhoudingsmemorandums geformaliseer. Albei die partye, d.w.s. die WKOD as die diensverskaffer en die vennoot (bv. provinsiale departement), onderteken hierdie Verstandhoudings-memorandum.

Vennootskappe maak 'n beduidende bydrae tot die aantal leerders in GLS'e. Die aanstelling van meer voltydse Sentrumbestuurders (SB's) en Standplaaskoördineerders (SK's) en die feit dat die kontrakte van party SB's en SK's hernubbaar is, sal bestendigheid in baie GLS'e verseker. Dit verseker dan ook verbeterde beplanning, bestuur, en beheer van GLS'e. Die ondersteuning en leiding wat gebied word, in die besonder deur BOOV-beamptes in die OBOS'e, help GLS'e om meer gevoelig te word t.o.v. die behoeftes van die gemeenskappe wat hulle bedien, en verseker 'n toename in leerdergetalle.

15.3 Beleidsbepalings, prioriteite en strategiese doelstellings

Daar sal voorsorg getref word vir 2 500 nuwe leerders per jaar om toegang tot BOOV te verkry. Dit sal op die volgende wyses voorsien word:

- Doelgedrewe kurrikulums vir BOOV-vlak 1, 2 en 3 – bestaande uit twee programaanbiedings, naamlik syfergeletterdheid en geletterdheid, wat in alle Gemeenskapsleersentrums aangebied word

- Vlak 4-sentrums wat 'n verskeidenheid leerareas aanbied wat tot 'n doelbewuste AOOS-kwalifikasie vir die leerder in die konteks van die gemeenskap sal lei
- Die voorsien van fisiese en finansiële hulpbronne om die BOOV kurrikulum te ondersteun
- Alle GLS'e ontvang 'n rekenaar en drukker
- Alle bestaande opvoeders ontvang geteikende opleiding, en alle nuwe opvoeders ontvang oriëntering en opleiding
- Alle GLS-bestuurders ontvang toepaslike opleiding (tegniese vaardighede en persoonlike ontwikkelingsplanne) op 'n deurlopende basis.

Strategiese doelstellings vir Subprogram 6.1: Subsidies aan openbare sentrums

Strategiese Doelwit	Strategiese Doelstelling
Om BOOV en vaardigheidsontwikkeling van volwassenes te verbeter in lyn met beleid.	<ul style="list-style-type: none"> • Om die aantal leerders, veral vrouens, landelike, en arm leerders wat vir kursusse in BOOV en Verdere Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (VOOV) by Gemeenskapsleer-sentrums (GLS'e) ingeskryf is, elke jaar met ten minste 2 500 te verhoog. • Om doelgedrewe BOOV- en VOOV-kwalifikasies te ontwikkel en aan te bied. • Om vennootskappe met ander staatsdepartemente, sektorale onderwys en opleidingsowerhede (SOOO's) en Nie-regeringsorganisasies (NRO's) in die lewering van BOOV- en VOOV-kursusse te ontwikkel. • Om die aantal volwasse leerders wat hul kwalifikasies met welslae in die BOOV- en VOOV-bande verwerf, te vermeerder.

Strategiese doelstellings vir Subprogram 6.2: Professionele dienste

Strategiese Doelwit	Strategiese Doelstelling
Om doeltreffende bestuur en beheer in al die leerstandplase en ondersteuningstrukture te verseker.	<ul style="list-style-type: none"> • Om ondersteuning en ontwikkeling van bestuur en beheer nader aan GLS'e te bring deur die werk van die OBOS'e en ander professionele dienste. • Om 'n optimale en billike verspreiding van finansiële, fisiese en menslike hulpbronne oor die stelsel heen te bereik. • Om kennis en vaardighede van GLS-bestuurders deur geteikende opleiding en ondersteuning te verbeter. • Om kennis en vaardighede van beheerliggame deur geteikende opleiding en ondersteuning te verbeter. • Om bestuur van die kurrikulum en assesseringsprosesse te verbeter. • Om finansiële bestuur te verbeter en gehalteverbetering op alle vlakke te bewerkstellig in lyn met provinsiale beleid en die wetgewende raamwerk. • Om professionele ondersteuning aan alle BOOV-standplase te voorsien.

Strategiese doelstellings vir Subprogram 6.3: Menslike Hulpbronontwikkeling

Strategiese Doelwit	Strategiese Doelstelling
Om opvoeders toe te rus en te ondersteun in hul pogings om doeltreffende onderwys te voorsien.	<ul style="list-style-type: none"> • Om die professionele gehalte van die onderwyserskorps d.m.v. deurlopende professionele ondersteuning te ontwikkel. • Om die potensiaal te ontwikkel van onderrig in media en tegnologie (e-onderwys en IKT) ten einde onderrig en leer te verbeter en kurrikulumondersteuning te voorsien. • Om opvoeders toe te rus om doeltreffende ontwikkeling, lewering en ondersteuning van die kurrikulum te verseker.

15.4 Ontleding van beperkings, en maatreëls om hulle te bowe te kom

Anders as by openbare skole of hoofstroomeksamens, kan leerders in GLS'e nie 'n AOOS deur een sitting vir die BOOV se Vlak 4-eksamen verwerf nie. Leerders kry die verlangde krediete oor 'n bepaalde tydsbestek van minstens twee tot drie jaar. Wanneer 'n leerder die 120 krediete verkry het wat deur UMALUSI vereis word, kan 'n AOOS uitgereik word. Gevolglik is die aantal AOOS'e wat uitgereik word (werklike prestasie) betreklik min vergeleke met die teiken wat gestel is. Verder word daar leerareasertifikate uitgereik wanneer leerders 'n leerarea met welslae voltooi.

15.5 Beskrywing van beplande gehalteverbeteringsmaatreëls

- Ontwikkel 'n doelgedrewe kurrikulum vir die BOOV-Vlak 1 – 4 kurrikulum, wat gereelde geleenthede vir assessering voorsien.
- Ontwikkel Vlak 4-sentrums om 'n seleksie van leerareas aan te bied wat tot 'n doelgerigte AOOS-kwalifikasie vir die leerder in die konteks van die gemeenskap lei.
- Programme vir VOO-kolleges, waar toepaslik, word voorsien in Gemeenskapsleersentrums wat VOO aanbied.
- 'n Opleiding- en ontwikkelingsmodel vir personeel by BOOV-sentrums sal ingestel en geïmplementeer word. Die model sal verseker dat alle bestaande opvoeders geteikende opleiding ontvang, en dat alle nuwe opvoeders georiënteer, opgelei, en ontwikkel word.
- Sentrums by skole het toegang tot die vereiste fisiese hulpbronne om doeltreffende kurrikulumimplementering te verseker (implementeer minimumvereistes vir 'n ooreenkoms tussen die gasheerskool en die GLS).
- Elke standplaas het minstens een rekenaar, 'n modem, en 'n verbinding met die internet.
- Plasingsinstrumente sal ontwikkel en gebruik word om leerders in die mees gepaste programme te plaas. Daarbenewens sal leerders toegang tot voorligting gebied word (beroeps- sosiale en leerprobleme) sowel as EVL-stelsels wat deur leidinggewende GLS'e geïmplementeer sal word.
- Elke BOOV-Gemeenskapsleersentrum sal al om die drie jaar met die oog op gehaltesekerheid besoek word. Die fokuspunte van die gehaltesekerheid sal die gehalte en relevansie van die vakke wees wat aangebied word, en die deurvloeiakoers van leerders in BOOV-Vlak 1 en VOOS.

15.6 Hulpbroninligting

Finansiële steun aan BOOV GLS'e word bereken met gebruikmaking van 'n formule om die toekennings van bestuursbenodigdheid sowel as LOSM te bepaal, met inagneming van die aantal BOOV- en VOO-leerders in stedelike en landelike areas.

16. Program 7: Vroeëkindontwikkeling

16.1 Programdoelstelling

Om onderwys op die Graad R-vlak te voorsien, ingevolge Witskrif 5.

Die VKO program behels die volgende subprogramme:

Graad R in openbare skole

- om spesifieke openbare gewone skole met hulpbronne te voorsien wat vir Graad R vereis word

Graad R in gemeenskapsentrums

- om bepaalde gemeenskapsentrums op die Graad R-vlak te ondersteun

Professionele dienste

- om VKO-standplase te ondersteun

Menslike Hulpbronontwikkeling

- om in die professionele ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders by Graad R-standplase te voorsien.

16.2 Standontleding

Alhoewel daar universele inskrywing van ses- tot vyftienjarige kinders in die Wes-Kaap is, het nie alle vyfjariges toegang tot Graad R nie. Die provinsie se doel m.b.t. Graad R is om teen 2010 leerprogramme van 'n hoë gehalte aan alle vyfjarige kinders in die Wes-Kaap op die eerste vlak van formele onderwys, naamlik Graad R, te voorsien

As ons konserwatiewe skattings van deelnameverhoudings in die Wes-Kaap vir 2004 gebruik, d.w.s. 45 000 uit 'n moontlike 80 000 leerders, dan moet 'n verdere 35 000 kinders in die periode 2005 – 2010 bereik word. Dit beteken dat 4 000 tot 6 000 bykomstige vyfjarige kinders elke jaar in die periode 2005 tot 2010 ingeskryf moet word. Maar hierdie kinders moet ook in programme van hoë gehalte ingeskryf word, want die voorsiening van Graad R-programme aan jong kinders berus op die veronderstelling dat hierdie programme 'n soliede grondslag en voordeel vir leer op skool moet verskaf. Hierdie veronderstelling word deur 'n aantal studies gerugsteun, waaronder die nasionale sistemiese assesseringstudie van Graad 3-leerders wat in 2001 onderneem is. Hierdie studie toon 'n hoë korrelasie tussen lees- en syfergeletterdheidprestasie op die Graad 3-vlak, en deelname aan voorskoolse programme.

16.3 Beleidsbepalings, prioriteite en strategiese doelstellings

Die beleidsdoel van die provinsie is om Graad R-programme van gehalte aan vyfjarige kinders te voorsien. Hierdie programme behoort die sosiale, kognitiewe, emosionele, en fisiese ontwikkeling van die vyfjariges te bevorder, en veral te verseker dat hierdie kinders veilige en stimulerende leeromgewings ervaar. Dit is veral belangrik in gemeenskappe waar ouers ongeletterd is en in huise wat arm aan tekste en hulpbronne is.

Die Graad R-kurrikulum van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) spel die kennis en vaardighede uit wat vir vyfjariges geleer behoort te word. Die uitdaging vir die provinsie is om te verseker dat teen 2010 die leeruitkomste van die Graad R-NKV, en veral die geletterdheids- en syfergeletterdheidsuitkomste in Graad R-standplase onderrig, en deur alle leerders bemeester word.

Strategiese doelstellings vir Subprogram 7.1: Graad R in openbare skole

Strategiese Doelwit	Strategiese Doelstelling
Om toegang tot gehalte-onderwys te verseker vir alle kinders wat in die provinsie woon.	<ul style="list-style-type: none"> • Om Graad R-ruimte in openbare gewone skole te voorsien ooreenkomstig beleid en beskikbaarheid van onderruimte. • Om toegang tot onderwys vir leerders uit voorheen gemarginaliseerde groepe te verbeter. • Om die aantal leerders in Graad R-programme te vermeerder sodat alle vyfjarige kinders wat in die Wes-Kaap woon, by Graad R-klasse ingeskrywe is. • Om te verseker dat die NKV-leeruitkomste in alle Graad R-klasse onderrig en bemeester word (skoolgereedheidstoetse sal gebruik word om dit te bepaal). • Om hulpbronne te voorsien om die onderrig van die NKV Graad R wat by elke standplaas gebied word, te ondersteun. • Om alle Graad R-onderwysers in die NKV op te lei. • Om leerders wat gevaar loop, sowel as dit wat hul leer belemmer, te identifiseer.

Strategiese doelstellings vir Subprogram 7.2: Graad R in gemeenskapsentrums

Strategiese Doelwit	Strategiese Doelstelling
Om toegang tot gehalte-onderwys te verseker vir alle kinders wat in die provinsie woon.	<ul style="list-style-type: none"> • Om Graad R-plekke in onderwysbefondsde gemeenskapsgebaseerde standplase ooreenkomstig beleid, maar spesifiek Witskrif 5, te voorsien. • Om toegang tot onderwys vir leerders uit voorheen gemarginaliseerde groepe te verbeter. • Om te verseker dat die NKV-leeruitkomste in alle Graad R-klasse onderrig en bemeester word (skoolgereedheidstoetse sal gebruik word om dit te bepaal) • Om toe te sien dat hulpbronne om die onderrig van NKV Graad R te ondersteun, aan elke standplaas voorsien word. • Om alle Graad R-onderwysers in die NKV op te lei. • Om leerders wat gevaar loop, sowel as dit wat hul leer belemmer, te identifiseer

Strategiese doelstellings vir Subprogram 7.3: Professionele dienste

Strategiese Doelwit	Strategiese Doelstelling
Om doeltreffende bestuur en beheer in al die leerstandplase en ondersteuningstrukture te verseker.	<ul style="list-style-type: none"> • Om ondersteuning en ontwikkeling van bestuur en beheer nader aan die Graad R-standplase te bring, deur die werk van die OBOS'e en ander professionele dienste. • Om 'n optimale en billike verspreiding van finansiële, fisiese en menslike hulpbronne oor die stelsel heen te bereik. • Om kennis en vaardighede van Graad R-personeel deur geteikende opleiding en ondersteuning te verbeter. • Om kennis en vaardighede van beheerliggame deur geteikende opleiding en ondersteuning te verbeter. • Om bestuur van die kurrikulum en assesseringsprosesse te verbeter. • Om finansiële bestuur te verbeter en gehalteverbetering op alle vlakke te bewerkstellig in lyn met provinsiale beleid en die wetgewende raamwerk. • Om professionele ondersteuning aan alle Graad R-standplase te voorsien.

Strategiese doelstellings vir Subprogram 7.4: Menslike Hulpbronontwikkeling

Strategiese Doelwit	Strategiese Doelstelling
Om opvoeders toe te rus en te ondersteun in hul pogings om doeltreffende onderwys te voorsien	<ul style="list-style-type: none">• Om die professionele gehalte van die onderwyserskorps d.m.v. deurlopende professionele ondersteuning op die HKNV te ontwikkel.• Om te verseker dat die provinsie 'n voldoende aantal toepaslik opgeleide opvoeders in diens neem.• Om opvoeders toe te rus om doeltreffende ontwikkeling, lewering en ondersteuning van die kurrikulum te verseker• Om gespesialiseerde onderwysondersteuning aan onderwysers te voorsien.

16.4 Ontleding van beperkings, en maatreëls om hulle te bowe te kom

Die beskikbaarheid van befondsing is 'n ernstige beperking. In ander provinsies laat die afname in die aantal leerders in die primêre skole toe dat Graad R uitgebrei word. In-migrasie na die Wes-Kaap beteken dat hierdie roete nie vir die WKOD moontlik is nie.

Toegang tot baie landelike en afgeleë standplase vly 'n uitdaging vir die OBOS'e.

16.5 Beskrywing van beplande gehalteverbeteringsmaatreëls

In die periode 2005 – 2010 sal die WKOD:

- Verseker dat alle vyfjarige kinders wat in die Wes-Kaap woon, in Graad R-klasse ingeskrywe is.
- Verseker dat die NKV-leeruitkomste in alle Graad R-klasse onderrig en bemeester word (skoolgereedheidstoetse sal gebruik word om dit te bepaal).
- Leermateriaalhulpbronne aan elke standplaas voorsien om die onderrig van die NKV Graad R te ondersteun.
- Alle VKO-opvoeders word opgelei en ondersteun om die NKV vir Graad R te lewer.
- Alle leerders wat "gevaar loop" word geïdentifiseer, en dit wat hul leer en ontwikkeling belemmer word deur skool- en distriksgebaseerde ondersteuningspanne aangespreek.
- Alle standplase word al om die drie jaar besoek om veiligheid en gehalteslewing te verseker.

16.6 Hulpbroninligting

Die voorsiening van hulpbronne vir Grade R-onderwys geskied tans op die grondslag dat personeel befonds word en subsidies vir LOSM voorsien word. Die grondslag vir befondsing is egter besig om te verander na 'n uitsluitlik gesubsidieerde model. Op dié manier sal Graad R-onderwys voorsien word d.m.v. 'n per capita-subsidie wat volgens 'n armoedeglykskaal bepaal word. Dit sal aangewend word om onderwysers te betaal, LOSM te verkry, en om standplase te bekom.

17. Program 8: Hulp- en verwante dienste

17.1 Programdoelstelling

Om die onderwysinrigtings as geheel van ondersteuning te voorsien.

Die program vir hulp- en verwante dienste behels die volgende subprogramme:

Betalings aan SOOO

- om aan werknemers Menslike Hulpbronontwikkeling te voorsien ingevolge die Wet op die Ontwikkeling van Vaardighede

Voorwaardelike toekenning -projekte

- om vir projekte te voorsien wat deur die Nasionale Departement van Onderwys gespesifiseer is, en wat op meer as een program toepasbaar is en uit voorwaardelike toekennings befonds word

Eksterne eksamens

- om vir departementeel-bestuurde eksamendienste te voorsien

Onderwysopleiding

- om te help met die voorsiening van gekwalifiseerde en bekwame opvoeders vir die onderwysberoep

iKapa eliHlumayo

- om te help met die bou van menslike kapitaal

17.2 Standontleding

As die belangrikste dryfkrag agter menslike hulpbronontwikkeling in die Wes-Kaap het die WKOD 'n sleutelrol te speel in die stryd teen armoede en in die uitbreiding van die ekonomie. Hierdie uitdaging sal deur die volgende dinge ondersteun word:

- die Wet op Vaardighedsontwikkeling;
- die voorwaardelike toekenning om onderrig in MIV/VIGS en Lewensvaardighede in die skole te voorsien, en om toegang tot 'n toepaslike en doeltreffende geïntegreerde voorkoming-, versorging-, en ondersteuningstelsel te verseker (verw. die Wet op die Verdeling van Inkomste);
- die voorsiening van geldige en betroubare sertifisering d.m.v. eksamens;
- die werwing van onderwysers; en
- die voorsiening van die grondslag vir alle vaardighedsontwikkeling.

17.3 Beleidsbepalings, prioriteite en strategiese doelwitte

Die WKOD het 'n sleutelrol te speel by die konseptualisering en deurdrywing van 'n Menslike Hulpbronontwikkelingstrategie (MHOS) as die hoofvoorsiener van:

- AOO, wat die hoeksteen of grondslag vir alle MHO in die provinsie voorsien; en
- VOO, wat geleenthede bied vir die verdere ontwikkeling van die vaardighede en kennis wat vir indiensneming en ekonomiese deelname benodig word.

'n Belangrike behoefte van MHOS, is vir die beskikbaarheid van goed gekwalifiseerde onderwysers, veral dié wat wiskunde en wetenskap onderrig. Geteikende beurse word voorsien aan studente wat tot die professie wil toetree. Hierdie beurse is beskikbaar vir studente wat velde wil betree wat spesifiek deur navorsing geïdentifiseer is dié wat meer onderwysers nodig het.

Een van die ernstigste bedreigings vir die ontwikkeling van menslike hulpbronne in Suid-Afrika is die MIV/VIGS pandemie. Die WKOD sal 'n strategiese rol speel om te verseker dat alle onderwysers en leerders bewus is van MIV/VIGS en inligting daarvoor het.

Armoede is nog 'n ernstige bedreiging vir die ontwikkeling van menslike hulpbronne. In 'n poging om party van die gevolge van armoede aan te spreek, het die WKOD 'n leningskema vir VOO-kolleges van stapel gestuur.

Strategiese doelwitte vir Subprogram 8.1: Betaling aan SOOO

Strategiese Doelwit	Strategiese Doelstelling
Om menslike hulpbron-ontwikkeling ingevolge die Wet op Vaardighedsontwikkeling te voorsien.	Om die Sektorale en Onderwysopleidingsowerheid (SOOO) vir Onderwysopleiding en Ontwikkelingspraktyke (OOOP) met betrekking tot die administrasie van die sektor te ondersteun.

Strategiese doelwitte vir Subprogram 8.2: Voorwaardelike toekenning-projekte

Strategiese doelwit	Strategiese Doelstelling
Om onderrig in MIV/VIGS en Lewensvaardighede te voorsien, en om toegang tot 'n toepaslike en doeltreffende geïntegreerde stelsel van voorkoming, sorg, en ondersteuning te verseker.	<ul style="list-style-type: none"> • Om opvoeders op te lei en te ondersteun om MIV/VIGS en Lewensvaardighede in primêre en sekondêre skole via die Kurrikulum: Lewensvaardighede/Lewensoriëntering te lewer, en die tussenkulturele inspuiting van MIV/VIGS-onderrig in alle leerareas/vakke. • Om te sorg vir die ontwikkeling, seleksie, vertaling, verkryging en verspreiding van materiaal vir die ondersteuning van onderrig en leer ten einde die doeltreffende onderrig in MIV/VIGS-Lewensvaardighede in die klaskamer te bevorder. • Om 'n doeltreffende, gestruktureerde, en gekoördineerde adolessent-tot-adolessent portuuronderriginisiatief in skole en VOO-kolleges te ontwikkel. • Om te verseker dat SBS'e, sleutelverteenvoerders van ouers op SBL'e, en gemeenskapsverteenvoerders van die nodige opleiding voorsien word om 'n institusionele VIGS-respons te bestuur (met inbegrip van die ontwikkeling van 'n plaaslik toepaslike bestuursplan vir VIGS-beleid in die konteks van die SOP). • Om te verseker dat skole aan belangrike voorspraakaksies deelneem (soos die Skole-Vigs-maand, Wêreld VIGS-dag, ens.) • Om 'n generiese opleidingsprogram vir sorg en ondersteuning vir skoolgemeenskappe te ontwikkel en te implementeer, op 'n manier wat plaaslike netwerkvorming en ondersteuning verseker. • Om 'n doeltreffende Provinsiale MIV/VIGS Bestuursseenheid by hoofkantoor te verseker ten einde hierdie respons te koördineer, sowel as distrikgebaseerde bestuurspanne met die nodige personeel. • Om die ontwikkeling en handhawing van beleid, voorspraak, meesteropleiers, opvoederontwikkeling, distriksondersteuning, tussensektorale samewerking en vennootskappe, gehalteversekering (deur monitering en evaluering), en doeltreffende doelmatige programlewering en finansiële bestuur te verseker.

Strategiese doelstellings vir Subprogram 8.3: Eksterne eksamens

Strategiese Doelwit	Strategiese Doelstelling
Om organisatoriese doeltreffendheid en doelmatigheid te bevorder.	<ul style="list-style-type: none"> • Om die Seniorertifikaat- en BOOV-Vlak 4-eksamens en die sertifisering daarvan te bestuur.

Strategiese doelstellings vir Subprogram 8.4: Onderwysopleiding

Stratetiese Doelwit	Stratetiese Doelstelling
Om opvoeders toe te rus en te ondersteun in hul pogings om doeltreffende onderwys te voorsien.	<ul style="list-style-type: none"> • Om te verseker dat die provinsie 'n voldoende aantal toepaslik opgeleide opvoeders in diens neem. • Om met die voorsiening van gekwalifiseerde en bekwame onderwysers te help. • Om pogings te ondersteun om onderwysstudente vir pre-diens opleidingsinstansies te werf.

Stratetiese doelstellings vir Subprogram 8.5: *iKapa eliHlumayo*

Stratetiese Doelwit	Stratetiese Doelstelling
Om die provinsiale doelwitte van <i>iKapa eliHlumayo</i> te ondersteun: <ul style="list-style-type: none"> ▪ verhoogde ekonomiese groei ▪ verhoogde indiensneming en betrokkenheid by die ekonomie. ▪ verminderde sosio-ekonomiese en geografiese ongelykheid ▪ instandhouding van 'n volhoubare veiligheidsnet 	<ul style="list-style-type: none"> • Om die vaardighede en aanleg van Graad 8-leerders te toets • Om 'n beroepsvoorligtingprogram vir Graad 9- en VOO-leerders te ontwikkel • Om AOO- en VOO-onderwysers op te lei om loopbaanadvies te voorsien • Om die ontwikkeling van VOO-programme te bevorder wat gevoellig is t.o.v. die maatskaplike en ekonomiese behoeftes van die provinsie • Om lenings te voorsien aan leerders met 'n arm agtergrond wat by VOO-kolleges wil studeer.

17.4 Ontleding van beperkings, en maatreëls om hulle te bowe te kom

Dit word toenemend moeilik om toegewyde mense van gehalte na die onderwysberoep te lok. Die redes hiervoor is kompleks en verstrengel, en het betrekking op sowel die openbare siening van onderwys as die geleentheid wat aan jong gegradueerdes in beide Suid-Afrika en die buiteland beskikbaar is. Die WKOD het 'n onderwyserwerwingsveldtog met die plaaslike Hoër Onderwys-inrigtings van stapel gestuur. 'n Mate van welslae is hiermee behaal, en gedurende die volgende vyf jaar sal verdere pogings in dié verband aangewend word.

Daar is baie min gekwalifiseerde voorligtingonderwysers in die WKOD oor. Dit beteken dat daar van meet af aan in hierdie belangrike en gespesialiseerde area, onderwysers gewerf en opgelei moet word. Dit gaan nie maklik wees nie. Die WKOD het 'n driejaarplan bedink om die vaardigheid van lewensoriënteringonderwysers m.b.t. vak- en loopbaanvoorligting te ontwikkel.

Dit was nie maklik om die nodige prosesse en kontroles vir die leningskema vir VOO-kolleges daar te stel nie. Die WKOD het met die NSFHS saam gewerk en beraadslaag, en heelwat van hul prosesse oorgeneem. Daarbenewens het arm leerders met wantroue op die konsep van lenings gereageer. Die WKOD moes die naam van die skema na finansiële hulp verander, en dit was nodig om aansienlike voorspraak m.b.t. die skema te doen.

17.5 Beskrywing van beplande gehalteverbeteringsmaatreëls

Niks in hierdie stadium nie.

17.6 Hulpbroninligting

Onderwysopleiding:

- Vergaderings word tweemaal per jaar met Hoër Onderwys-inrigtings (HOI) gehou om te verseker dat kurrikulumprogramme wat by inrigtings aangebied word, met die indiensemingsbehoefes van die WKOD strook. Beurse word aan onderwysstudente toegeken wat in skaars vakke studeer.

IKapa Elihlumayo:

- Die daarstel van 'n leningskema wat studente toelaat om toegang tot VOO-kolleges te verkry.
- Die ses openbare VOO-kolleges in die provinsie het voorstelle voorgelê vir kursusse wat ontwikkel moet word om in die behoeftes van die provinsie te voorsien. Hierdie voorstelle is bestudeer en verbeter, vir implementering in 2005.
- 'n Loopbaanvoorligtingsprogram is vir die provinsie ontwikkel. Dit is in Xhosa en Afrikaans vertaal, en die kursus sal op rekenaars in elke hoërskool in die provinsie geïnstalleer word. In Februarie 2004 sal 800 geselekteerde onderwysers in die gebruik van die sagteware opgelei word. Die voorligtingskursusse voorsien tendense in die provinsiale ekonomie, en bied ook besonderhede m.b.t. bestaande VOO-programme en leerlingskappe.

18. Kapitaalbelegging, batebestuur en instandhouding

Fisiese infrastruktuur

Die stelsel waardeur die begroting vir infrastruktuurontwikkeling en geskeduleerde instandhouding op die boeke van die Departement van Vervoer en Openbare Werke (Werke) verskyn het, het op 31 Maart 2005 tot 'n einde gekom. Vanaf 1 April 2005 sal die WKOD-begroting die konstruksie- of instandhoudingbegroting vir die jaar weerspieël. Die WKOD sal aldus volle verantwoordelikheid vir sy begroting aanvaar (met as beginpunt die onderhandelings vir 'n begroting) en verseker dat 'n diensvlakoooreenkoms onderteken word wat die aard van die verhouding tussen die WKOD en Werke m.b.t. die gehalte van die verlangde diens, rapportering, tydskaal, en die bestuur van projekte sal bepaal.

Die Departement van Vervoer en Openbare Werke sal derhalwe 'n belangrike implementeringsagent van die WKOD wees (soos deur die diensvlakoooreenkoms bepaal), en sal vorderings- en finansiële verslae voorlê. Ander diensvlakoooreenkomste kan ook met ander diensverskaffers, soos skoolbeheerliggame, munisipaliteite, of die WNNR beding word.

Die gemiddelde leerder:klaskamer-verhouding staan tans op ongeveer 29. Hierdie lae leerder:klaskamer-verhouding dui aan dat daar 'n oormaat van klaskamers in die Wes-Kaap is. Baie van hierdie klaskamers is egter in areas geleë waar daar geen klaskamertekorte is nie, en dit help niks om werklike klaskamertekorte die hoof te bied in areas wat deur migrasie geaffekteer word en waar daar geweldige groot klaskamertekorte is nie.

Met 'n geprojekteerde jaarlikse instroming van ongeveer 48 000 mense uit ander provinsies na die Wes-Kaap, is dit duidelik dat die behoefte aan meer klaskamers in daardie areas gaan toeneem.

Dit is ook duidelik dat, tensy bykomende kapitaal in die kort termyn beskikbaar gemaak word, die stelsel sal sukkel om aan die groeiende behoeftes te voldoen.

Dit is van die grootste belang dat oortollige klaskamers uit die stelsel verwyder sal word deur die beste gebruik van skoolakkommodasie te maak, en deur oortollige skole vir ander programme van die WKOD, soos VKO, VOO, BOOV, en OLSO, beskikbaar te maak.

Verder moet klaskamers wat van ongeskikte boumateriaal soos hout, asbes, of spaanderbord gebou is en maklik gevandaliseer word, uit die stelsel verwyder, aan die Departement van Vervoer en Openbare Werke terugbesorg, en verkoop word. Die opbrengs moet dan vir die bou van bykomstige infrastruktuur beskikbaar gemaak word.

Nog 'n belangrike feit, die opgradering van informele areas in die Wes-Kaap, sal in die toekoms geweldige druk op die stelsel plaas. Die opgraderingsposes het 'n situasie tot gevolg waar 'n onontwikkelde ruimte van 10 tot 20 gesinne geakkommodeer het, en dan wanneer dit opgegradeer is, slegs een gesin terugkeer om daardie opgegradeerde ruimte te bewoon. Die ander 19 gesinne moet nou in 'n area hervestig word waar daar geen skole is nie, of waar daar reeds klaskamertekorte ervaar word. Volgens die tyd wat na verwagting nodig sal wees vir die ontwikkeling van Greenfields areas (areas waarin gesinne hervestig sal word) sal die behuisingseenhede beskikbaar wees lank voordat die skoolgeriewe voltooi is. Daar mag dan druk op die onderwysdepartement uitgeoefen word om, teen geweldige koste, leerdervoer te voorsien na skole waar daar plek beskikbaar is. Terselfdertyd sal baie skole wat naby die oorspronklike informele area geleë is, skoliere verloor en dus nie langer oorvol wees nie. Daar is egter die gevaar dat party van hulle onekonomiese entiteite sal word.

Dit is belangrik om daarop te let dat elkeen van hierdie nuwe klaskamers wat gebou word, 'n oortollige klaskamer in 'n ander area sal dupliseer. Dit is dus belangrik dat skole waar moontlik geamalgameer sal word, en dat geboue vir ander programme van die WKOD beskikbaar gemaak sal word.

Die WKOD en die Departement van Vervoer en Openbare Werke is van mening dat klaskamertekorte die hoof gebied behoort te word deur slegs permanente klaskamers te bou indien die skool toegelaat word om as primêre skool tot 'n kapasiteit van 1 120 leerders, of as 'n sekondêre skool tot 1 200 leerders uit te brei. Versoeke vir goedkeuring om 'n skool toe te laat om veel groter te groei, behoort geëvalueer te word, met toepassing van die kriteria wat vir megaskole ontwikkel word.

Tussentydse tekorte, soos die tekorte wat ervaar word deur skole wat na aan informele woongebiede is, behoort nie opgelos te word deur permanente klaskamers te bou nie, maar deur voorafvervaardigde klaskamers van 'n goeie gehalte te bou.

Die volgende bouprojekte is in aanbou, of word voor getender, of word beplan:

Nuwe projekte	2005/06 (Begroot)	2006/07 (MTUR)	2007/08 (MTUR)	2008/09 (Geprojekteer)	2009/10 (Geprojekteer)
Program 2 – Openbare gewone skole					
Subprogram 2.1 – Openbare gewone primêre skole					
Voorafvervaardigde klaskamers	50				
Mobile klaskamers	1 827				
Permanente klaskamers	270			8 000	10 000
Hervestiging van klaskamers	315	750	750	1 000	1 000
Nuwe skole	53 050	28 100	1 500	25 000	55 000
Ablusiegeriewe	1 080	200		5 000	3 000
Administrasie geriewe				8 000	4 000
Uitbreidings aan bestaande geboue				10 000	10 000
Forums	150			15 000	11 000
Instandhouding	12 000	57 987	66 739	75 000	77 000
PIT-fondse					
Eie fondse		16 536	29 978		
Totaal: Primêre Skole	68 742	103 573	98 967	147 000	171 000
Subprogram 2.2 - Openbare gewone sekondêre skole					
Voorafvervaardigde klaskamers					
Mobile klaskamers	3 309				
Permanente klaskamers	1 100				
Hervestiging van klaskamers	315	750	750	1 000	1 000
Nuwe skole	79 716	35 184	4 200	15 000	50 000
Ablusiegeriewe				15 000	13 000
Administrasiegeriewe				5 000	2 000
Uitbreidings aan bestaande geboue					
Forums	450	750			
Instandhouding	6 000	28 993	33 369	40 000	42 000
PIT-fondse					
Eie fondse		8 268	14 989		
Totaal: Sekondêre Skole	90 890	73 945	53 308	76 000	108 000

Nuwe projekte	2005/06 (Begroot)	2006/07 (MTUR)	2007/08 (MTUR)	2008/09 (Geprojekteer)	2009/10 (Geprojekteer)
Program 4 – Openbare spesiale skole					
Voorafvervaardigde klaskamers					
Mobile klaskamers					
Permanent klaskamers	500				
Hervestiging van klaskamers					
New skole				8 000	8 883
Ablusiegeriewe					
Administrasiegeriewe					
Uitbreidings aan bestaande geboue					
Forums					
Instandhouding				11 000	13 000
PIT-fondse					
Eie fondse					
Totaal: Openbare spesiale skole	500			19 000	21 883
Klaskameragterstand	20 000	40 000	40 000		
Totaal: Nuwe projekte	180 132	217 518	192 265	242 000	300 883

Opgradering	2005/06 (Begroot)	2006/07 (MTUR)	2007/08 (MTUR)	2008/09 (Geprojekteer)	2009/10 (Geprojekteer)
Program 2 – Openbare gewone skole					
Subprogram 2.1 – Openbare gewone primêre skole					
Voltooiing van forum	340	140			
Opgradering van klaskamers				10 000	5 000
Subprogram 2.2 – Openbare gewone sekondêre skole					
Opgradering van a hostel	6 500				
Voltooiing van forum	2 000	160			
Opgradering van klaskamers				10 000	3 000
Program 4 – Openbare spesiale skole					
Opgradering van klaskamers				6 000	2 000
Totaal: Opgradering	8 840	300		26 000	10 000
Totaal: Nuwe projekte en Opgradering	188 213	217 818	192 265	268 000	310 883

19. Planne vir koördinerings, samewerking en uitbesteding

19.1 Interdepartementele skakels

Die WKOD sal die voortou neem in die ontwikkeling, implementering, en monitering van die provinsiese Menslike Hulpbronontwikkelingsstrategie (MHOS) Die omvang van die taak vereis egter dat alle staatsdepartemente, op provinsiale sowel as plaaslike regeringsvlak, die implementering van die Strategie ondersteun en daartoe bydra. Sleuteldepartemente sluit die volgende in: die Departemente van Gesondheid, Maatskaplike Welsyn en Armoedeverligting, Gemeenskapsveiligheid, en Vervoer en Openbare Werke. Daarbenewens het die maatskaplike vennote, naamlik die georganiseerde sakewêreld, georganiseerde arbeid, en die burgerlike samelewing, deur die Provinsiale Ontwikkelingsraad, 'n sleutelrol om te speel in die implementering van die MHOS.

Gereelde vergaderings en besprekings word met die Nasionale Departement van Onderwys en die ander provinsiale onderwysdepartemente aangaande onderwysbeleid gehou.

Besprekings met susterdepartemente oor intersektorale samewerking vind ook op 'n gereelde basis plaas, veral met die Departemente van Gesondheid (MIV/VIGS en Lewensvaardighede), Gemeenskapsveiligheid (Veiligeskoleprojek en die projek vir Leerderondersteuningsbeamptes om wegblyery en jeugoordreding te bestry), Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (die Leerkaapfees- en ekonomiese groei-sektore), en Vervoer en Openbare Werke (kapitaalprojekte en instandhouding).

Kwartaallikse vergaderings met die koördineringskomitee van die Geïntegreerde Diensvoorsienende Grondprojek vir die voorsiening van skoolgeboue in voorheen benadeelde areas.

Besprekings met susterdepartemente oor Geïntegreerde Holistiese Ontwikkeling vind ook op 'n gereelde basis plaas.

19.2 Skakeling met plaaslike regerings

Die WKOD werk met die Stad Kaapstad saam m.b.t. die Stedelike Vernuwingsprogram (SVP), en met die Sentraal-Karoo Munisipaliteit m.b.t. die Geïntegreerde Volhoubare Landelike Ontwikkelingsprogram (GVLOP). Die doel met albei die programme is om in 'n geïntegreerde samewerkingsprogram met ander departemente en regerings saam te werk om armoede deur die vaardighedsontwikkeling van werklose persone te verlig.

Besprekings oor die volgende kwessies het tussen die WKOD en die Stad Kaapstad plaasgevind:

- om die Program vir MIV/VIGS en Lewensvaardighede in lyn te bring.
- om die WKOD se IKT-inisiatiewe met die *Smart Cape*-inisiatiewe in lyn te bring.
- die goedkeuring van struktuurplanne (Stadsbeplanning).

19.3 Openbare entiteite

Daar is tans geen openbare entiteite waarvoor die WKOD verantwoordelik is nie.

19.4 Openbare-private vennootskappe

POV'e sal 'n sleutelarea van intervensie vir die WKOD wees, beide van die perspektief van die rasionalisering van bestaande projekte in ons skole, sowel as die mobilisering van meer hulpbronne vir ontplooiing in onderwysontwikkeling.

Die WKOD het 'n aantal intervensies en projekte ingevoer in 'n poging om verskeie aspekte van gehalteonderwys in skole aan te spreek. Hierdie intervensies en projekte word of direk deur die WKOD (via die OBOS'e) bestuur, of deur etlike Nie-regeringsorganisasies (NRO's) wat met die onderwys gemoeid is.

Die WKOD werk met ses private ontwikkelaars saam in die ontwikkeling van stelsels vir gebruik in die projek vir Skooladministrasie en Bestuurstelsels (SABS).


Die WKOD werk ook met die volgende instansies saam:

- PETRO SA – Hulle het 'n skoolgebou van R12m vir die Rietvlei Primêre Skool in Mosselbaai voltooi, en het al vier die gewese DOO-skole in Mosselbaai ten volle met die nuutste rekenaar- en wetenskaplaboratoriums toegerus.
- Kamer van Koophandel – die Tegnopreneurkompetisie vir Graad 10
- SANTAM – Befonds beste praktyke vir EBW
- Kaapstadse Jodeslagtingsentrum – Ons en die Geskiedenis van Aangesig tot Aangesig, vir Graad 9 – 12.

In die eerste konsepweergawe van die WKOD se Strategiese Akkommodasie- en Infrastruktuurplan word genoem dat die WKOD en die Departement van Vervoer en Openbare Werke 'n gekoördineerde poging behoort aan te wend om gesamentlike ondernemings met die sakewêreld aan te gaan ten einde met die kapitaal- en instandhoudingsuitgawes by skole te help, en om sodoende infrastruktuurtekorte by skole te verlig. Die Departement van Vervoer en Openbare Werke soek tans na 'n POV om 'n nuwe spesiale skool te bou. Die WKOD verwag dat onderhandelings gedurende die 2005/06 boekjaar afgehandel sal word.

Lys van afkortings

BOOV	Basiese volwassene onderwys en opleiding	LOOM	Leer- en Onderrigondersteuningsmateriaal
VVOO	Verdere volwassene onderwys en opleiding	SMP	Stelselsmeesterplan
ROM	Raad van Onderwysministers	WWT	Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie
HUB	Hoof Uitvoerende Beampte	MTUR	Mediumtermyn Uitgawesraamwerk
GLS	Gemeenskapsleersentrum	NKV	Nasionale Kurrikulumverklaring
KOI	Kaapse Onderwysinstituut	NDO	Nasionale Departement van Onderwys
VKO	Vroeëkindontwikkeling	NRO	Nie-regeringsorganisasie
OBOS	Onderwysbestuurs-en-ontwikkelingsentrum	NKR	Nasionale Kwalifikasieraamwerk
OBIS	Onderwysbestuurs-en-inligtingstelsel	PSVP	Primêre Skool Voedingsprogram
OOOP	Onderwysopleidings-en-ontwikkelingspraktyke	VRL	Verteenwoordigende Raad van Leerders
WWP	Werknemerswelsynprogram	HNKV	Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring
VOO	Verdere Onderwys en Opleiding	EVL	Erkenning vir Vooraf Leer
VOOS	Verdere Onderwys en Opleidingsertifikaat	SARO	Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders
VTE	Voltydse Ekwivalent	SAKO	Suid-Afrikaanse Kwalifikasiesowerheid
AOO	Algemene Onderwys en Opleiding	SASW	Suid-Afrikaanse Skolewet
AOOS	Algemene Onderwys en Opleidingsertifikaat	DLVP	Diensleweringverbeteringsplan/program
HODK-OM	Hoofde van Onderwysdepartementekomitee	SOP	Skoolontwikkelingsplan
HOI	Hoër Onderwys-inrigting	SOOO	Sektorale Onderwys-en-opleidingsowerheid
MHO	Menslike Hulpbronontwikkeling	SBL	Skoolbeheerliggame
MHOS	Menslike Hulpbronontwikkelingstrategie	SBS	Skoolbestuursplan
IKT	Inligtings- en Kommunikasietegnologie	PPBOS	Personeelprestasiebestuur-en-ontwikkelingstelsel
GGBS	Geïntegreerde Gehaltebeheerstelsel	SSE	Skoolselfevaluering
LOGIS	Logistiese Inligtingstelsel	WKOD	Wes-Kaap Onderwysdepartement
LSO	Leerders met Spesiale Onderwysbehoefte		



SKEDULE 2 - Onderwysbestuurs-en-ontwikkelingsentrums (OBOS'e)
SCHEDULE 2 - Educational Management and Development Centres (EMDC)
iSheduli 2 - aMaziko oLawulo noPhuhliso lweMfundo (EMDC)

Rural EMDCs / Landelike OBOSe / ii-EMDC zemimandla yasemaphandleni

